

Die Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 37 • Junie | Julie 2016

Nampo:

nasie in gesprek

Boer sonder grond:
Wortelmistegniek
bied wonderlike
geleenthede



**The success story
of Mokete farming**

Fokus op
DIEREGESONDHEID

vkb ntk



www.vkb.co.za | www.ntk.co.za

ntk
vkb

19 JUNIE

Vadersdag

GESKENK IDEES

Besoek gerus jou naaste
NTK / VKB handelstak
vir vele meer!

KAUFMANN
VLEKVRYE STAAL
BOKS BRAAIROOSTER
V0404200

HOË
GEHALTE

KAUFMANN
VLEKVRYE STAAL
BOKS BRAAIROOSTER
V0404181



KAUFMANN
HOË RUG STOEL
V0402032

140 kg

Populêr



KAUFMANN
VLEKVRYE STAAL BOTTEL FLES
V0402062 - 1 l
V0402073 - 500 ml



KAUFMANN
AANSTEKER
MET WAAIER
V0403315

KAUFMANN
BRAAISETEL IN SAK
V0402564



KAUFMANN

www.kauffmannoutdoor.co.za

Beskikbaar by deelnemende
NTK / VKB handelstakke.

RÖMER KOELHOUERS

HOË
LUMENS

KAUFMANN
LED FLITSLIG

VERSTELBARE
FOKUS



V07000008 - 650 LUMENS

V07000007 - 700 LUMENS

V07000005 - 300 LUMENS

V07000006 - 350 LUMENS

HOU YS
VIR
6 DAE



40ℓ

45ℓ

V0333064

V0333073

- 65 ℓ Kalahari Sand - V0333069
- 65 ℓ Grys - V0333070
- 65 ℓ Olyf Groen - V0333068
- 45 ℓ Kalahari Sand - V0333071
- 45 ℓ Grys - V0333072
- 45 ℓ Olyf Groen - V0333072
- 40 ℓ Kalahari Sand - V0333066
- 40 ℓ Olyf Groen - V0333064

HOË
LUMENS



KAUFMANN LED LANTERN

- V0600215 - 200 Lumens
- V0600216 - 400 Lumens
- V0600217 - 600 Lumens

HOË
650
LUMENS



KAUFMANN
HERLAAIBARE LED FLITSLIG

V0700100

KAUFMANN
RUGSAK KOELHOUER

V0402039



KAUFMANN
VLEKVRYE STAAL BEKER

V0402529



KAUFMANN 24 KAN KOELSAK
MET TAFEL

V0400250

Bederf
DIE BAKKIE



KOMPAKTE 12V
AANJAER KABEL

BDBBC2C-XJ



100 WATT
OMSKAKELAAR

BDPC100A-QS



6V & 12V BATTERY HERLAAIER /
INSTANDHOUDING

BDV090-QS

**BLACK+
DECKER**

INHOUD

40-44

Boer sonder grond: Wortelmistegniek bied wonderlike geleenthede



Kommersiële landbou: Bron van armoede of skepper van welvaart?

15-18



30-31

The success story of Mokete farming



Uitgewer:
VKB en NTK

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:
Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:
Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

5	Voorwoord
6	Definiëring van 'n volhoubare model vir landboukundige ondernemings
8	Sonpanele - vir plaastoerusting of bykomende verhitting
10	Leierskapwaardes: Rentmeester
12-13	Die 2016 oes kunsmisprysverhoging is gunstig
15-18	Kommersiële landbou: Bron van armoede of skepper van welvaart?
20-25	Nampo: Nasie in gesprek
26-27	Nuwe trekkers in die New Holland Suid-Afrika-stal
28-29	Lantana, die skadelike onkruid met geen waarde
30-31	The success story of Mokete farming
32-33	Brasmax
34-35	James Murray: Samewerking danksy Die Pad Saam
38-39	Fokus op Dieregesondheid
40-44	Muggies kan met welslae beheer word
46-47	Boer sonder grond: Wortelmistegniek bied wonderlike geleenthede
48-51	sakata: Majestic - spanspek
52-54	Wenke wat werk 3
56-65	Moenie dat jou maag jou lewe versuur nie
67	Ntk en Vkb Nuus
	Wen met Die Pad Saam

52-54

Moenie dat jou maag jou lewe versuur nie



28-29

Avokadopeer – die wondervrug met talle voordele



38-39

Muggies kan met welslae beheer word



Vir alles is daar 'n tyd en 'n plek

'n Tyd gelede sit ek in Kaapstad in my motor voor 'n kantoorgebou vir iemand en wag. Die motor se venster is afgedraai sodat die koel windjie kan inwaai – 'n windjie vol belofte van 'n koue winter wat op pad is.

Ek word bewus van 'n geluid wat ek nie dadelik kan plaas nie. Pop-pop-pop-pop met sekonde-reëlmaat. Dan skielik 'n poppoppoppop vinnig na mekaar. En dan weer die stadige pop-pop-pop vir 'n minuut. Later besef ek dis die voetoorgang agter my waar die verkeerslig met reëlmaat oorslaan tussen rooi vir die voetgangers, en as hulle mag stap, is die vinnige poppoppop-klank vir sowat 15 sekondes. Dan weer vir 'n minuut lank die stadiger pop-pop.

En ek besef die naderende winter word gevolg deur die lente, somer, herfs en dan weer winter. Die reëlmaat van die natuur. Ons plant, ons hou die saailinge dop soos hulle opkom, ons bid vir reën, ons meet die mielies met die oog. Ons skape en beeste raak dragtig, die nuwelinge word gebore, ons hou hulle dop soos hulle groei, ons ent in, ons voer, ons skeer, ons slag. Ons sit kwekelinge in die grond vir ons somertuin, dit blom, dit vrek, ons haal uit, plant die wintertuin aan, snoei, pluk, dit vrek en ons begin weer van voor af. Ons raak swanger, ons hou die ontwikkeling van die nuwe mensie dop, hy/sy gaan skool toe, gaan studeer, gaan werk, trou en kry hul eie kinders. En soms staan ons by 'n oop graf. Die siklus van die lewe ... met reëlmaat stap ons die pad.

En daar's 'n sekerheid in dié reëlmaat, 'n veiligheid in die orde van dinge. Nie almal van ons word ewe lank gegun om hier te wees nie. Ek kyk na my ouers en my skoonma en ek besef met 'n diepe hartseer dat die sand in hul uurglas al baie min is. Ek kyk na my familie, my vriende, my kollegas, die mense rondom my in 'n winkel en ek besef ons almal se uurglasie laat die hele tyd sand deur – gelukkig weet nie een van ons hoeveel sandkorrels ons gegun is nie. Maar juis daarom, besef ek, moet ons die meeste van elke dag maak.

Onthou jy die “yuppie-griep” van die 80's? Toe hoevele mense met dié siekte gediagnoseer is. Mense wat gesê het hulle voel uitgebrand; hulle het nie die energie om 'n arm op te lig nie. 'n Paar jaar daarna is duisende kinders die wêreld oor met Ritilan behandel omdat hulle hiperaktief was. Toe word die volgende groep kinders met aandagafleibaarheidsindroom gediagnoseer. In die volgende fase word 'n loopbaan as sielkundige een van die mees gesogte beroepe, want oral loop bipolar en manies depressiewe mense rond. Selfmoord en gesinsmoorde neem al hoe meer toe, en toe kom die fenomeen van mans wat hul vrou deur iemand anders laat vermoor (soms vrouens ook wat op dié manier van hul man ontslae raak). Al hoe

meer mense wend hulle óf tot medisyne vir chroniese geestestoestand, óf tot dwelmmiddels om aan die werklikheid te ontvlug of 'n “ander werklikheid” te ontdek. Wat gaan aan met die mensdom?

Is verveling nie maar eintlik die siekte van ons tyd nie? Ons word van oral af met soveel inligting “gebombardeer”; ons word van 'n jong ouderdom af reeds aan alles wat in die wêreld gebeur – die goed en die sleg – blootgestel deur TV, deur internet, deur sosiale netwerke, en skielik is daar niks meer om na uit te sien nie. Ons wil almal vir ons kinders “'n beter lewe” gee as dít waarmee ons grootgeword het, en in die proses bederf ons soveel dinge vir hulle, want ons neem die plesier weg van “eendag as ek groot is, wil ek...”, want ons gee dít reeds vir hulle op 10-jarige ouderdom en selfs vroeër. Van selfone, iPads, TV's in hul eie kamer tot ontwerpersklere, oorsese reise, ensovoorts.

En ons dink ons doen hulle 'n guns, maar doen ons regtig? Want wát los ons vir hulle oor om te gaan “ontdek” wanneer hulle groot is?

Ek weet daar is baie ouers wat nié oor hierdie kam geskeer kan word nie, en daar is baie ouers wat 'n gesonde balans handhaaf, so moenie dink ek is nou vandag net in 'n bitterbek-bui nie. Dis alles daai voetgangerrobot se skuld dat my gedagtes so wyd loop draai het, want hier binne-in my dink ek ons is besig om die reëlmaat van die lewe te versteur. Ek en jy bepaal hoe ons kinders hulle kinders gaan grootmaak. Kom ons laat ons kinders toe om self die reëlmaat van tyd te ervaar en nie die horlosie te wil “fast forward” nie.

Groetnis tot volgende keer.

Hannelie



Definiëring van 'n volhoubare model vir landboukundige ondernemings

Riglyne verkry uit Suid-Afrika se nuutste en mees suksesvolle landbouproduksie-ondernemings

Die hoë mate waartoe die sakemodel in landbou verander, kan gesien word aan die feit dat Suid-Afrika se mees suksesvolle landboukundige ondernemings almal minder as vyf jaar oud is, dat baie van hulle weg van konvensionele landbou- en sakesentrums funksioneer en items aanbied wat nie vantevore aan die sektor bekend was nie.

As bankier en finansier van die meeste van hierdie nuwe ondernemings het Standard Bank besluit om hulle te ondersteun omdat die stigters se sakeplanne en implementeringstrategieë vyf grondbeginsels bevat wat geblyk het nodig te wees vir volhoubaarheid in die moderne mark.

Alles in landbou is aan die verander, van die soorte kos wat verbruikers wil hê tot die manier waarop die landbou as bewaarder van die omgewing optree. Landboukundige entrepreneurs verstaan dit en bou hulle nuwe ondernemings op so 'n manier op dat plase en fabriekse lonend kan wees, juis omdat hulle beplan is om aan die nuwe eise van die mark te voldoen.

Die dae van doodgewoon jou produk by 'n afsetmark of kleinhandelaar aflewer en van 'n verbruiker wat dit blindelings aanvaar, is lankal verby. Deesdae skryf die verbruiker voor wat op die rak moet verskyn, en dit is die landboukundige onderneming se taak om seker te maak dat dit op die mees lonende manier daar kom.

Landbou het 'n vraaggedrewe dienssektor geword. Die eerste basiese element van volhoubaarheid word geïllustreer deur die ondernemings wat deur Standard Bank ondersteun is en wat hulle sakemodelle op verbruikers se voorkeure vir gerieflike toegang tot veilige, gesonde en voedsame produkte gebaseer het.

Dit is 'n eenvoudige beginsel, maar nie maklik om uit te voer nie, omdat verbruikersvoorkeure voortdurend verander. Die sleutel tot sukses lê daarin om in lyn te wees met globale tendense, waarvan die belangrikste op die oomblik die 'natuurlike kossorte en bestanddele' is. Die intrinsieke gesondheidsvoordele van 'n kossort of bestanddeel word beklemtoon sonder dat spesifieke gesondheidsaansprake gemaak hoef te word. Verskaffers maak die plek van oorsprong sowel as die manier waarop die produkte geproduseer is, soos koud gepers of vrye weiding, bekend met behulp van die verpakking en bemerking.

Dit is makliker vir nuwe produsente met moderne tegnologie en produksieprosesse om op hierdie manier op die mark te reageer, want hulle word nie belemmer deur die nalatenskap van die stelsel en fasiliteite nie, soos waarmee maatskappye wat al langer bestaan, belas word. Ouer maatskappye word ook benadeel deur produkreekses waarmee verbruikers bekend is en waarteenoor hulle agterdogtig begin staan as gevolg van verouderde vervaardigingsprosesse en aannames oor voeding.

'n Tweede volhoubaarheidsfaktor is vernuwing wat jou onderneming kommersieel relevant maak. Die fasiliteite

wat onlangs deur die bank befonds is, voldoen almal aan die nuutste kundigheidsvlakke, is in ooreenstemming met globale standaarde en het die kleinste impak op die omgewing wat met huidige tegnologie moontlik is. Dit gee aan hulle geloofwaardigheid by verbruikers en gee ook vir die vervaardigers die moontlikheid om meer doeltreffend en daarom meer winsgewend te wees.

Vernuwing moet egter altyd meer as net tegnologie behels, om die hele organisasie in te sluit. As bank het Standard Bank byvoorbeeld altyd die kommersiële relevansie van die integrasie van waardekettings in die sektor bepleit. As dit op 'n verantwoordelike manier gedoen word, met verstandige toepassing van die betrokke vaardighede, kan jy natuurlike verwantskappe in die waardeketting opbou en daarom vraag, aanbod en ander grondbeginsels van belanghebbendes baie meer doeltreffend inbou as wat met tradisionele kontraktuele opsies moontlik is.

Die derde beginsel vir volhoubaarheid – sakevernuf – lyk voor die hand liggend. Hoof-uitvoerende beamptes en hoofde van finansies wat nie gesoute sakemanne is nie, word egter dikwels deur die finansiële implikasies van hulle sakebesluite verras.

Die keuse om inkomste te laat groei deur aggressiewe bemerking teen laer winste het nie net 'n invloed op die inkomstestate in die vorm van laer winsgewendheid nie, maar het ook 'n wesenlike invloed op die bedryfskapitaalsiklus en gevolglik op vrye kontantvloei. Trouens, minder ervare entrepreneurs maak gereeld foute in die beraming van hul vermoë om kontant met hulle ondernemings te genereer, en moet dan die vure blus. Die vierde beginsel, inklusiwiteit, gee erkenning aan die feit dat geen onderneming in isolasie tot die sosiale-, ekonomiese- en omgewingsleefwêreld kan funksioneer nie. Die ondernemings wat deur Standard Bank ondersteun word, is rondom al hulle belanghebbendes opgebou – dit sluit verskaffers, werknemers, die afsetmark, plaaslike owerhede en die breër sakegemeenskappe waarin die ondernemings funksioneer, in. Die sakeplanne integreer en bring belanghebbendes se belange en verwagtings op 'n praktiese manier in lyn. Dit is nie maklik nie, maar die resultate in terme van ondersteuning van gemeenskapsleiers, die toewyding van werknemers wat ook as aandeelhouers fungeer, ISO-akkreditering van die bedryf en die entoesiastiese en eensgesinde advertering van produkte deur groot kleinhandelaarkettings, het 'n direkte uitwerking op netto wins.

Die vyfde beginsel – sterk leierskap – behoort 'n gegewe te wees, maar is dikwels die moeilikste doel om te bereik. Enige onderneming het iemand aan die front nodig om die visie van die onderneming aan die belanghebbendes te verkoop. Die bestuursplan moet gretig en vinnig wees om die besigheidskwessies te verstaan soos wat hulle opduik, en moet hulle dan op maniere hanteer wat goeie uitkomst sal verseker. Bestuurders moet uitstekende kennis van en insig in die finansiële-, bemerkings- en operasionele funksies van die onderneming hê om tydige, vooruitstrewende besluit te kan neem. Jou leiers moet mense wees wat dit geniet om voortdurend aan uitdagings blootgestel te wees. Die wêreld van landboukundige ondernemings sal nooit weer gemaklik staties wees nie. Dit gaan daaroor om hierdie golf suksesvol te kan ry terwyl jy jou voorberei op die volgende een.

Deur Bertie Hamman – Sekondêre Landbou-woordvoerder by Standard Bank

Kontantvloei oplossings van die plaas tot die meule

Kom ons praat Agribesigheid.

Ons Agribesigheidspan is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business

Gemagtigde finansiële dienste- en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP15).
Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Regnr: 1962/000738/06).
Volut Vorentoe is 'n handelsmerk van Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk. SBSA 172406. 11/14



**Standard
Bank**

Volut Vorentoe™



SONPANELE

– VIR PLAASTOERUSTING OF BYKOMENDE VERHITTING: ONS VERSEKER JOU

Boere wat onder die Afrika-son deurloop, kan nou verligting kry wanneer dit kom by versekeringsdekking vir sonpanele wat op hul eiendom geïnstalleer is. Om landbouers te help om onafhanklike kragbronne te ondersoek en te begin gebruik, bied die versekeraar Santam nou uitgebreide dekking vir die installering van sonpanele onder sy algemene landboupolis. Of sulke panele geïnstalleer is om krag te voorsien aan plaastoerusting of masjinerie soos windpompe of waterpompe, óf aan die hoofplaasgeboue as 'n bron van bykomende krag of verhitting, sonpanele is geneig om gesteel of deur die weer beskadig te word en moet dienooreenkomstig verseker word.

Aangesien die koste van kragvoorsiening styg en beurtkrag of onverwagse kragonderbrekings steeds vir talle boere 'n werklikheid is, en waar alternatiewe kragvoorsieningsbronne nou al hoe meer in boerderybedrywighede gebruik word, behoort boere die nodige stappe te doen om sulke installasies as deel van hul algehele belegging te verseker.

Nakoming is noodsaaklik vir enige versekeringsverwante eise

Gerhard Diedericks, hoof van Santam Landbou sê, "Een aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is om seker te maak dat 'n nakomingsertifikaat van 'n professionele installeerder verkry word." Die wet vereis so 'n sertifikaat as enige eksterne bedrading aan die interne elektriese bedrading van enige plaashuis of gebou gekoppel word. (Dit is nie nodig vir 'n nakomingsertifikaat waar 'n sonpaneel aan 'n losstaande waterpomp gekoppel is nie, aangesien dit nie aan die interne bedrading van 'n gebou verbind is nie.)

Volgens Diedericks word daar dikwels sonpanele of –monteerstelle gekoop en mense installeer dit self en dan word dit nie behoorlik gesertifiseer nie. "Buiten dat dit 'n brandgevaar inhou, kan die nie-nakoming van sulke vereistes 'n uitdaging wees as vasgestel moet word wat die onmiddellike oorsaak is as die panele/eiendom beskadig en 'n eis by die versekeraar ingedien word."

Dekking vir weerverwante skade

Sonpanele of fotovoltatiese stelsels soos dit ook bekend staan, kan beskadig word deur strawwe weerstoestande soos hael of sterk wind, en plase wat in gebiede geleë is waar dit gereeld hael soos in die Vrystaat en in die oostelike dele van die land waar hulle veral in die haalseisoen van Oktober tot Desember kwesbaar is. Een manier om skade aan sulke panele te beperk is om dit te installeer op 'n stelsel waarvan die hoek van die panele verander kan word afhangend vanuit watter rigting die hael kom. Dit is natuurlik heelwat duurder. Sterk wind kan ook die panele lig of beskadig wat aan dakke vasgemaak is. Dit is dus noodsaaklik dat die panele ten alle tye behoorlik geanker is.

In baie gevalle kan die installering van sonpanele oor die lang termyn heelwat voordele en besparings vir die boer en die landboubedryf inhou. Dit maak nie net sakesin om sonpanele teen diefstal of skade te beskerm nie, maar kan ook swaarverdiende rande spaar as enige van die eenhede of komponente vervang moet word.

"Die behoorlike versekering van hierdie belegging onder die afdelings Huiseienaars, Brand, Geboue Gekombineerd of Alle Risiko's van jou landboupolis behoort deel uit te maak van enige kragbesparingsinisiatiewe of alternatiewe kragbronneplanne," sluit Diedericks af.

Vir meer inligting oor hoe Santam Landbou jou kan help om jou risiko te bestuur besoek www.santam.co.za.

Vir meer inligting kontak Margot Gutteridge by 021 469 1572 | 084 296 2689 of margot@atmosphere.co.za

Oor Santam, regte egte versekering

Santam is Suid-Afrika se vernaamste korttermynversekeringsgroep met 'n markaandeel van meer as 22% en om en by 4 000 personeellede en 2 700 makelaarsvennote landswyd. Die maatskappy verseker die meerderheid van die Top 100-maatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is.

Santam se mededingende voordeel is gewortel in die 96 jaar wat die maatskappy al aan kliënte 'n wye reeks korttermynversekeringsprodukte voorsien wat wetenskaplik ontwikkel is om aan hul behoeftes te voldoen, asook die hoogste eisedoeltreffendheid in die bedryf. Die maatskappy se eweknieë erken dat sy personeel tegnies uiters bekwaam is.

VANDAG SE
BOERE IS
MEER AS
NET BOERE.



Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom.

Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering.

Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.

Santam. Regte, egte versekering.

Santam
landbou

Die impak van rentmeesterskap op die volhoubaarheid van familieondernemings

Die kernwaardes van die oudste familieondernemings in die wêreld is vervat in my boek *Leierskapswaardes: Wysheid uit die Planteryk* en die 10 kernwaardes waarin die meeste van die oudste familieondernemings in die wêreld glo, word oor tien uitgawes bespreek. Die unieke essensiële olies van verskillende plante sal verbind word met elke leierskapswaarde.

Die tiende en laaste waarde wat bespreek word, is *rentmeesterskap* wat met die sederboom verbind word.

Sederbome kom op verskeie plekke voor en is veral inheems aan die Himalaja, Afrika en Libanon. As geneesmiddel word dit as 'n antiseptiese en antibakteriese middel gebruik. Sederhout is al vir millenniums as onvernietigbaar beskou en is gebruik om antieke paleise mee te bou. Koning Salomo se tempel was ook van die sederbome in die Libanonberge gebou. Sederhout se uitstaande kenmerk is dat die essensiële olie 'n mens kommerloos en rustig laat slaap.

Die gemiddelde leeftyd van sakeondernemings, wat die kritieke tydperk van drie tot vyf jaar oorleef, is 25 jaar. Dit is dan ook so dat daar familieondernemings is wat vir eeue en selfs meer as 'n millennium al oorleef. Vir familieboerderye bied dit 'n verdere uitdaging om dit wat deur die generasies opgebou is, behoue te laat bly vir die familie en vir die generasies wat nog kom.

Hierdie vraag oor oorlewing en groei van generasie tot generasie is beantwoord in 'n TV-onderhoud wat ek met Carl van der Merwe van Boplaas gevoer het. Boplaas is die oudste familieonderneming in Suid-Afrika en is in 1743 deur Izak van der Merwe begin. Hierdie plaas is tans in sy tiende generasie. Carl se antwoord het my die lig laat sien en ek het besef dat *rentmeesterskap* as leierskapswaarde soos die bloed is wat in ons are vloei. Daarsonder is daar geen kans op langtermynoorlewing nie.

Sy antwoord op my vraag oor hoe hulle dit reggekry het om so lank te oorleef, was: "André, die antwoord is eenvoudig, dog belangrik. Ons oorleef al vir vele generasies omdat ons van generasie tot generasie geleer is dat hierdie plaas nie aan hierdie generasie behoort nie; dit word geleen by die kinders van die toekomstige

generasies."

Wat 'n ongelooflike waarheid om die hart van rentmeesterskap te beskryf.

Daar is baie omskrywings en definisies vir rentmeesterskap wat wissel van die Engelse woord "custodian" tot definisies vanuit 'n Bybelse konteks. Die Kainos-gemeente in Montana, Pretoria toon aan dat daar ongeveer 500 verse in die Bybel is wat gesamentlik oor gebed en geloof handel, maar meer as 2 000 verse wat oor geld en besittings handel. Dis nogal insiggewend!

Rentmeesterskap handel egter oor meer as net geld en besittings en is inderdaad die mens se verantwoordelikheid vir alles wat aan hom toevertrou is – die lewe, die fisieke wese, tyd, talente en bekwaamhede, stoflike besittings, mense en familieverbande, die geleentheid wat ons ander tot diens kan wees en kennis van die waarheid.

In sy artikel, *The Critical Value of Stewardship*, noem Caraig E. Aronoff dat leiers wat goeie rentmeesterskap openbaar, die volgende eienskappe besit:

- **Dit is leiers wat graag 'n blywende saak wil nalaat. Dit sluit aan by wat Carl van der Merwe ons geleer het.**
- **Dit is leiers wat 'n bestuursfilosofie van rentmeesterskap vestig. Dis met ander woorde 'n nie-onderhandelbare en onverganklike leierskapswaarde.**
- **Dit is leiers wat hulle sakeonderneming as 'n voorbeeld vir ander wil vestig. Dit is totaal deursigtig vir ander om te evalueer en van te leer.**
- **Dit is leiers wat hulle self sien as rentmeesters van die sakeonderneming se hulpbronne. Hulle hanteer en beskerm dus die sakeonderneming se hulpbronne soos hulle hul persoonlike hulpbronne sou beskerm.**

Vir my persoonlik is die beste analogie om rentmeesterskap te verduidelik deur 'n vergelyking tussen blomme en bome. Rentmeesters plant nie net blomme om dit vir die oomblik te geniet nie, maar plant ook bome om skadu vir die toekoms te skep, al kan hulle nie self die toekomstige skadu geniet nie. Dit verg beplanning om toekomstige generasies te beskerm en die gebrek aan rentmeesterskap is die pyn wat ons nageslagte sal dra.

Rentmeesterskap is ook die regte waarde om hierdie reeks mee af te sluit, want al die waardes wat ons bespreek het, kan net tot hulle volle reg kom as leiers van familieboerderye rentmeesters is wat glo dat die saak wat hulle dien groter is as hulself en as hulle met verantwoordelikheid en toerekeningsvatbaarheid lei.

Sederhout weerspieël krag en uithouvermoë en word al vir millenniums as onvernietigbaar beskou. Rentmeesterskap is die sederhout van leierskapswaardes, en rentmeesterskap en leierskap is twee kante van dieselfde muntstuk. Doen vandag die regte dinge sodat die leiers van môre die vrugte daarvan kan pluk.

André Diederichs is die eienaar van André Diederichs & Associates @ Business Jungle en die hoofbedryfsbestuurder van FABASA (Family Business Association of South Africa).

HEILSAAMHEID UIT DIE SON; RESULTATE IN JOU SAK.



PANNAR sonneblombasters is bekend vir stabiele prestasie en goeie risikobestuur. Die pakket sluit 'n volledige reeks basters in met die CLEARFIELD® geen asook basters met die CLEARFIELD®-PLUS geen. Boere kan met groot gemoedsrus en vertroue PANNAR se sonneblomreeks aanplant met die wete dat die beste tegnologie in hierdie basters opgesluit lê.

©CLEARFIELD® en CLEARFIELD®-PLUS is die geregisteerde handelsmerke van BASF.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



PANNAR®

Saam boer ons
vir die toekoms™



ULTRAMODERNE
NAVORSING EN
ONTWIKKELINGSTEGNOLOGIE



UITSONDERLIKE PRODUKTE
EN GEWASPAKKETTE



GEWASVOORSORG



OPTIMALISEER
PRODUKSIE



GEWASBESKERMINGS-
BESTUURSPRAKTYKE

Die 2016 oes- en kunsmisprysverhogings is gunstig

deur Hans Lombard

Die huidige oes/kunsmisprysverhouding is gunstig vergeleke met dié van die vorige seisoen en behoort die vraag na kunsmis gedurende die 2016/17-plantseisoen te kan ondersteun, sê Adriaan de Lange, voorsitter van Fertasa (Misstofvereniging van Suider-Afrika), in sy jaarverslag wat tydens die vereniging se 56ste jaarkongres in Johannesburg gehou is. De Lange is besturende direkteur van Omnia Kunsmis.

Sy verslag is deur Adam Mostert, hoofuitvoerende beampte van Fertasa, aangebied aangesien De Lange nie die kongres kon bywoon nie.

Volgens die verslag sal die mark vir misstofprodukte gedurende 2016 grootliks van voldoende reënval afhang. Dit sal boere aanmoedig om optimisties teenoor die landbou te staan en beloop veel goeds vir die misstofbedryf. Gedurende 2015 was die gemiddelde reënval slegs 403 mm, teenoor 544 mm vir 2012 tot 2014.

As gevolg van die uitwerking van El Nino in 2015, het die getal hektaar onder somergewasse met 22% gedaal, van 4,1 miljoen ha in 2014 tot 3,2 miljoen ha in 2015. Die hektaar onder mielies het met 27% afgeneem. Daarenteen het sonneblom-aanplantings met 20% toegeneem, van 560 000 ha tot 718 000 ha. Die gemiddelde opbrengs vir alle somergewasse word op 2,63 t/ha voorspel, vergeleke met 2,89 t/ha in 2014 (4,15 t/ha in 2013).

Tesame met die streekstekort aan voedselproduksie, het dit die R-prys vir mielies tot rekordhoogtes laat skiet. Teen R4 710/t is die prys van witmielies sowat R1 600 bo die teoretiese invoerpariteitsprys. Teen R1 084/t handel geelmielies teen invoerpariteit. Hierdie pryse weerspieël 'n styging sedert Januarie 2015 van 124% vir witmielies en 62% vir geelmielies. Witmielies handel tans bô die koringprys van R4 540/t.

Internasionale misstofpryse, aldus De Lange, is swak weens oorkapasiteit. Ureum- en potaspryse het sedert Januarie 2015 met 39% gedaal. Die verswakking van die rand het die plaaslike mark teen die aansienlike daling in internasionale pryse verskans. Die internasionale stikstofprys sal gedurende 2016 tot 'n groot mate afhang van Chinese verskaffers, wat beduidende voorraadvlakke opbou, asook van die prys van gas in die Oekraïne.

De Lange het die belangrikheid van nakoming van Fertasa se gedragskode beklemtoon. "Die doel van die kode is om 'n etiese kultuur van nakoming in die misstofbedryf te

stig en te monitor – insluitend vervaardiging, verpakking, opberging, verspreiding en die kleinhandel. Produkte wat vervaardig word deur diegene wat ingevolge die Fertasa-gedragskode gesertifiseer is, voldoen aan alle wetlike en gehaltevereistes. Sodoende word 'n kultuur van integriteit en vertrouwe binne die misstofbedryf bevorder."

Die beginsels waarop die Wet op Misstowwe moet berus, is deur Fertasa aan die registrateur voorgelê. Een van die vernaamste afwykings van die oorspronklike voorstelle was die behoefte om voort te gaan met die registrasie van die finale misstofprodukte. Slegs geregistreerde grondstowwe sal toegelaat word in die formulering van die finale produk. Alle ingevoerde produkte, insluitende grondstowwe, tussenin- en finale produkte, moet aan inspeksie onderworpe wees.

Fertasa het 20 korreksies van die 2012-misstofregulasies voorgestel. Die registrateur het die voorstelle aanvaar. Van die veranderinge het betrekking op munisipale kompos, rioolslyk en plaasmis vir die tuinbou- en huishoudelike mark. Dié produkte kan nou in grootmaat verkoop word mits dit geregistreer is.

Daar is tans 'n agterstand van agt tot nege maande in die registrateur se kantoor vir die registrasie van nuwe produkte. Fertasa het aangebied om behulpsaam te wees met oplossings vir die tegniese probleme. Die registrateur het die aanbod aanvaar en die agterstand kan binne vier maande uitgewis wees.

Goeie vordering is gemaak met die vestiging van 'n misstofmoniteringskema wat twee jaar gelede tot stilstand gekom het weens 'n finansiële tekort. Met finansiële hulp van Sasol Agri Trust en DAFF, en met inspeksiedienste van die registrateur, word 'n ooreenkoms binnekort ver wag. Omnia het aangebied om ontledings teen kosprys te doen.

Henri Minnaar, direkteur agribesigheid by **AFAP** (African Fertilizer and Agribusiness Partnership), sê die organisasie werk saam met die privaatsektor ten einde meer mededingende en volhoubare misstofmarkte in Afrika te vestig en sodoende aan 'n groenrewolusie in Afrika by te dra. Entrepreneurs en sakeleiers word voorgestel aan organisasies wat bewys daarvan kan lewer dat hulle Afrika se boere in staat stel om misstof te bekom en te gebruik.

AFAP beywer hom om onder meer vir die volgende:

- Waarborg van krediet vir misstofverspreiders.
- Finansieringsbystand aan invoerders en vermengers van misstof.
- Finansieringsbystand vir die berging en verspreiding van misstof.

Die einddoel is om die oesopbrengs en inkomste van opkomende boere te verhoog deur toegang tot meer bekostigbare, gehaltemisstowwe as gevolg van die daarstelling van mediumgroot misstof- en agrisake-ondernemings as 'n alternatief vir tradisionele subsidieprogramme. Een van die hoof-mikpunte is om regulatoriese beperkings wat handel en investering strem, uit die weg te ruim ten einde beleggersvertroue in die Afrika-misstof- en agrisakebedryf 'n hupstoot te gee.

Omri van Zyl, uitvoerende direkteur van **Agri SA**, het 'n onrusbarende opname bespreek van die uitwerking van die ernstige droogte op Suider-Afrika. Die huidige voedselonsekerheid is erger as gewoonlik en sal na verwagting verder versleg. Mielieproduksie het met 35% gedaal, wat tot prysstygings van tussen 15% en 40% gele

het. Bykans 29 miljoen mense beleef tans 'n voedseltekort. Miljoene mense sal gedurende 2016/17 humanitêre bystand benodig, naamlik in Zimbabwe, Malawi, Mosambiek, Lesotho en Madagaskar.

Noodvoedselbystand sal met ongeveer 30% styg. Streekvoorrade van graan in sommige surplusvoorraadlande is beperk. Zambië, wat verlede jaar die land met die hoogste uitvoere was, beskik oor 'n surplus van 200 000 ton. Stapelgraanpryse is aansienlik bo die gemiddeld van die afgelope vyf jaar. Mosambiek toon die hoogste prystoename, naamlik 41,9%. Madagaskar is tweede, met 27% tot 40% en Suid-Afrika derde, met 34,9%. In die vierde plek is Zimbabwe met 19%. Zambië toon die kleinste toename, naamlik 3%.

Die huidige reënval is die laagste in 35 jaar. 'n Aansienlike afname in gewasproduksie word gedurende 2016 verwag, wat voedselsekureit in 2016/17 verder sal benadeel.

Grondvolhoubaarheid

Prof. Martin Fey, buitengewone professor aan die Universiteit van Pretoria, het grondvolhoubaarheid en die mark in Suider-Afrika bespreek. Volgens hom is die oorvloed van grond in Suider-Afrika na skatting redelik.

Dit verskil egter hemelsbreed van die situasie in die voedselproduserende gebiede van Noord- en Suid-Amerika en ook die Oekraïne. Dominante gronde is gewoonlik vlakker en dikwels op steiltes geleë. Voorkeurgronde kom in beperkte plekke voor, meestal in die oostelike somerreënvalgebied. Wanneer die grond behoorlik bemes en gekalk is, doen dit goed.

Volhoubare grondgebruik en -bestuur behels nie slegs grondgehalte nie, maar sluit 'n uitgebreide beplanningsagenda in. Wanneer nuwe projekte ter sprake is, moet sake soos grondgesondheid, ekostelseldienste, voedselsekureit en omgewingsaanpasbaarheid in aanmerking gehou word.

Hy het daarop gewys dat wanneer die misstofbedryf sy grondhulpbronne alles in aanmerking neem met betrekking tot sy toekomstige groei, die beste opsies moontlik deur beplanners ontsien mag word omdat hulle nie ook ander aspekte van volhoubaarheid aanspreek nie.

Indien ekologies gedugte grondbestuur en maatskaplike regverdigheid nie as voorvereistes vir ontwikkeling gestel word nie, kan dit lei tot nog 'n tragiese nagmerrie soos dié van 'n Sowjet- of Chinese styl van sentralebeplanning.

Die grootste beperking in die landbou is grondeiendomsreg en meer so wat die DRK betref. Zambië bied etlike aansporings vir kommersiële boerdery. Die klimaat, grondtipe en ander hulpbronne behoort dit uiteindelik een van die mees winsgewende boerderystreke ter wêreld te maak.

Misstofmarkte in Afrika

Dr. Augustine Langyintuo van die Wêreldbank-groep, het misstofmarkte in Afrika bespreek. Volgens hom is kleiner opbrengste hoofsaaklik te wyte aan die beperkte aanwending van verbeterde tegnologieë soos byvoorbeeld die misstoftegnologie. Minerale misstof is 'n hoofkomponent van integrale grondvrugbaarheidsbestuur vir verhoogde en volhoubare gewasproduktiwiteit. Bemestingtoediening op die kontinent bly so laag as 11 kg/ha vergeleke met die voorgestelde 50 kg/ha van die Maputu-verklaring.

In Suidoos-Asië is die syfer 96 kg/ha, met 101 kg/ha in Suid-Asië en meer as 145 kg/ha in die ontwikkelde wêrelddele. Misstofmarkontwikkeling in Afrika word beperk deur onder meer 'n tekort aan finansiering vir verbruikers om misstof mededingend te produseer. In Afrika beloop handelsbanklenings aan die landbousektor gemiddeld slegs 3%. Derhalwe word meer as 45% van landelike boere daardeur uitgesluit en kan hulle nie misstof aankoop nie.

Misstofproduksie in Afrika verteenwoordig slegs 3% van die globale syfer. Entrepreneurs word dus genoodsaak om byna al hul misstofbenodighede teen 'n hoë koste in te voer.

As gevolg van die lae prestasietoetsing in landbou bestee Afrika-regerings jaarliks tussen VS\$30-miljard en VS\$50-miljard aan voedselinvoere en onteien daardeur die kontinent van lewensnoodsaaklike fondse wat eerder vir infrastruktuur, maatskaplike en ekonomiese geriewe aangewend sou kon word.

Bron: <http://agriorbit.com/>



Van links: Jaco Raath, visepresident van Fertasa, met vier van die sprekers op die kongres – Carlos Zandamela, president van die Mosambiek Nasionale Kunsmismaatskappy, dr. Simon White, landboubesigheidskonsultant, Henri Minnaar, direkteur van agribesigheid AFAP, Johannesburg en Omri van Zyl, uitvoerende direkteur van Agri SA. By hulle is prof. Robin Barnard, tegniese adviseur van Fertasa en Corné Louw, senior ekonoom van Graan SA. (Foto Hans Lombard)

» Voeding volgens plantontwikkeling »

SOJABONE

VROEË
VEGETATIEF,
MET PLANT



**KynoPlus™-NPKS-
plantermengsels
soos SoyMagic:**

Plantermengsels met verhoogde doeltreffendheid om in veral die vroeë behoeftes, maar ook in die latere voedingsbehoefes van die sojaboonplant te voorsien.

MIDDEL
VEGETATIEF



Soja OEMFF®:

'n Blaarvoeding voor die begin van die blomstadium om die effektiwiteit van die sojaboonplant te verbeter. Dit is vir algemene aanvulling en help ook die gewas om na 'n stremmingsperiode te herstel.

PEULVULSTADIUM



KynoPlus™:

'n Topbemesting indien hoër oeste afgehaal wil word.

Soja OEMFF®:

'n Blaarvoeding om die effektiwiteit van die gewas te verhoog en produksie aan te help.

Met Kynoch se innoverende en pasmaak-produkte kan jy bemesting toedien volgens jou sojaboonplant se behoeftes en groeistadiums. So verseker Kynoch dat **jou sojas kry wat hul nodig het, wanneer hul dit die nodigste het.** Boonop het jy gemoedsrus, omdat jy weet, met Kynoch op jou plaas van meet af aan, haal jy net die beste uit jou sojas en is jy verseker van verbeterde doeltreffendheid in kwaliteit en opbrengspotensiaal.

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | www.kynoch.co.za

Nie handeldrywend in die Wes-Kaap nie.



Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer Reg. Nr. 2009/0092541/07
KynoPlus™ is geregistreer as kunsmis groep 1 – Reg. No: K8024,
Soja OEMFF® Reg. No: K8700. (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)



Kommersiële landbou:

Bron van armoede of skepper van welvaart?

INLEIDING

In Januarie 2015 sê pres. Jacob Zuma: "You must remember that a man called Jan van Riebeeck arrived here on April 6, 1652 and that was the start of the trouble in this country. What followed were a lot of struggles and war." Hy voeg by: "Colonialisation and the disenfranchisement of African people found its fullest expression two and a half centuries later with the declaration of the Union of South Africa."

Een jaar later, tydens die ANC se verjaardagvieringe in Rustenburg, gaan hy 'n stap verder: "The source of poverty, inequality and unemployment is land which was taken, not bought, stolen. But the government of the people has to buy it back as if it was sold."

Tydens die opening van die Nasionale Huis van Tradisionele leiers op 3 Maart 2016 gaan pres. Zuma voort: "The dispossession of land is the source of the poverty and inequality which have become the ugly hallmark of our nation and an impediment to the future of shared prosperity." Hy voeg by: "Where do these people in informal settlements come from? Where is their land? Is it a lie that their land was taken?"

In sy staatsrede van 2016 verwys pres. Zuma weer na die ANC se voorstel van 'n grondplafon van 12 000 ha wat as 'n klousule oor die "beperking op die besit van private grond" in die Wetsontwerp op die Regulering van Grondbesit ingeskryf gaan word. Sy minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, Gugile Nkwinti, het verlede jaar reeds te kenne gegee dat die doel van die 12 000 ha-beperking is om ongelyke grondeienaarskap reg te stel. Sy direkteur-generaal, Mdu Shabane, sê die voorstelle val onder die viervlakstelsel van grondbesit. Dit behels dat staatsgrond en openbare grond slegs verhuur mag word, dat daar 'n beperking op die besit van private grond moet wees, dat buitelanders nie grond mag besit nie (maar dit vir 'n minimum van 30 jaar kan huur) en dat voorsiening gemaak word vir kommunale grondbesit met sekere institusionele gebruiksregte.

DIE TEORIE

Daar is 'n algemene persepsie dat die Afrika-kultuur vyandig is teenoor entrepreneurskap en dat waardes wat tot sukses in die Weste lei, eenvoudig nie deur Afrikane verstaan word nie. Daar is ook die teenargument dat as Afrika sy jammerlike ekonomiese situasie wil omkeer, sy inwoners hul kommunale ingesteldheid vir 'n meer individualistiese markgerigte uitkyk sal moet verruil.

Ubuntu

In SA *Journal of Economic Management Sciences* van 2005 skryf dr. Munyaradzi Murove van die Unilever Ethics Centre aan die Universiteit van KwaZulu-Natal dat die Westerse besigheidsbenadering wat deur eiebelang voortgedryf word, nie versoenbaar is met die Afrika-begrip van wat 'n persoon is nie. Murove meen die versameling van rykdom net vir die plesier daarvan is teenstrydig met Afrika se manier van dink. Ubuntu impliseer 'n meer humanitêre behandeling van mense waar hulle nie gesien word as deel van die produksiekoste – soos masjiene – nie. Ubuntu beteken ook dat mense nie gehuur en afgedank moet word bloot op grond van winsgrense nie, want dan verloor hulle hul verwantskap met hul werkplek. Murove meen: "Africans understand themselves in terms of communal belonging, with the emphasis on collective responsibility."

'n Man genaamd Jan van Riebeeck

Jan van Riebeeck en andere se invloed op Suid-Afrika se ekonomie verdien beslis vermelding, maar eers agtergrond oor die kommunale stelsel wat histories hier bedryf was. In "Tribesman, Trader, Peasant and Proletarian" (1978) sê Peter Kallaway: "Communal economy is an entity that has within itself a complete division of labour and a single cultural framework and dominantly a economy based on natural products of the land produced for personal or group needs."

Hy verduidelik verder dat die kommunale ekonomieë een gemeenskaplike kenmerk gehad het, naamlik dat die grond deur die stam besit was vir die gebruik van die groep as 'n geheel en geen individu binne die stam is die gebruik daarvan ontsê nie. Die belangrikheid van hierdie aspek moet gesien word teen die feit dat kommunale landbouaktiwiteite en die beskerming van water- en voedselbronne by verre die dominante bestaansrede van hierdie samelewings was. Dit het dus om "oorlewing" en

nie oor "ontwikkeling" nie, gegaan. Toe Jan van Riebeeck 'n handelstasie in die Kaap begin het, het suidelike Afrika onvermydelik tot die moderne wêreld-ekonomie toegetree. Die streek se mate van deelname is drasties versnel toe diamante in die Noord-Kaap en later goud in huidige Johannesburg ontdek is. Daardeer is daar oornag 'n omvangryke mark vir arbeid en landbouprodukte geskep. Hierdie snelgroeiende handelsentrums het nie alleen oorsese blanke immigrante gelok nie, maar ook plaaslike swart migrante van alle lae van die bevolking en die kommunale samelewings kon eenvoudig nie hierdie multi-kulturele bevolking akkomodeer nie. Individue het hulle eie identiteite begin ontwikkel wat op hulle eie persoonlike belange en nie langer dié van die kommunale samelewing nie, geskoei was. Die kohesie van die kommunale ekonomieë het dus geleidelik op grond van kulturele verskille binne die stelsels begin verbrokkel. Plaaslike stamme het vrywillig aan die nuwe ekonomiese stelsel begin deelneem en wildsvleis, lewende hawe, vuurmaakhout en landbouprodukte aan die handelsentrums verskaf. Aanvanklik het hulle met sukses die nuwe geleentheid benut, maar die kommunale ekonomieë kon later nie bybly met die voortdurende styging in die vraag na hulle produkte nie. Grond is in die proses onvermydelik hervorm van 'n medium wat arbeid en sekuriteit aan die groep kon verskaf tot 'n instrument wat grootskaalse surplusse aan die markte moes voorsien. Die ekonomiese realiteit hieraan verbonde is egter dat sodra daar van grond verwag word om 'n surplus te produseer, grond noodwendig self ook 'n verhandelbare item met 'n waarde van sy eie word. Die kommunale samelewings het op grond hiervan mettertyd groot dele van hulle gronde verkoop of verruil en tesame met die kulturele oorsake het ekonomiese kragte, en nie politieke besluite nie, eenvoudig die losstaande kommunale bestaansekonomieë met 'n enkele kapitalistiese produserende ekonomie vervang.

Onsigbare hand

Die verbrokkeling van die kommunale stelsels in Suid-Afrika is die gevolg van die "onsigbare hand". Die vader van die vryemarkbeginsels, Adam Smith, het in sy bekende werk, *The Wealth of Nations*, in 1776 geargumenteer dat vrye mededinging om dieselfde hulpbronne deur individuele entrepreneurs daartoe lei dat die allokasie daarvan geoptimaliseer word en dat die nasie as geheel gevolglik sy hulpbronne op die beste wyse benut. Hoewel die individu uiteraard na homself omsien, word hy gereguleer deur die pryse wat die vrye mark vasstel en dat pryse opsigself weer gekontroleer word deur die somtotaal van die reaksie van al die markdeelnemers. Elke individu streef daarna om homself te verryk, maar kan ook net dit aanbied wat hyself produseer teen 'n prys wat ander kan bekostig. Op hierdie wyse word arbeid, kapitaal en hulpbronne vanself verdeel en die openbare belang word uiteindelik daardeur bevorder.

Die vrywillige ruiltransaksies wat binne 'n vrye mark plaasvind is 'n aanduiding dat die "koper" erken dat die "verkoper" se produk 'n waarde het. Uiteraard is dit ook 'n aanduiding vir die "verkoper" dat sy arbeid na waarde geag word. Sy bydrae tot die ekonomie word dus erken en dit verhoog sy eie menswaardigheid. Wanneer iemand dan op hierdie manier homself kan onderhou, is dit 'n meer betroubare manier van ekonomiese voortbestaan as om van die regering se welwillendheid afhanklik te moet wees. Dit lei nogmaals daartoe dat die gemeenskap se belange onder die "onsigbare hand" beter bevorder word as wanneer die politici besluit wie watter voordele uit die ekonomie moet kry. Smith het ook geargumenteer dat die samelewing behoorlik georden moet wees sodat die "onsigbare hand" kan funksioneer. Eiendomsreg moet sterk gevestig wees en

morele normas en waardes moet bo alles staan. Dan sal ooreenkomste eerbiedig word, mense sal behoorlik ingelig word oor die produkte of dienste wat hulle bekom en die deelnemers se regte kan afgedwing word as daar oortreders binne hierdie ordelikheid is.

Politieke inmenging

Politici stem nie noodwendig met Adam Smith saam nie en vind die moontlikheid om gewone mense se lojaliteit deur middel van ekonomiese gunste te koop, meer aantreklik. Daarmee saam sien die ekonomiese begunstigdes ook die potensiaal raak om daardeur ander mense se geld te kan bekom sonder om iets in ruil daarvoor aan te bied. Smith argumenteer dat hierdie optrede van politici juis die balans binne 'n samelewing versteur en dat dit duidelik is dat almal beter af sou wees as die bevoordeling van een ten koste van 'n ander nie nagejaag word nie. Daarmee ontken hy nie dat die vrye mark ook gebreke het nie, maar voer aan dat die "onsigbare hand" vinniger en effektiewer wanbalanse sal regstel as wat politieke inmenging dit sal doen.

Smith argumenteer baie sterk dat om hulpbronne op 'n gesentraliseerde manier te allokkeer op 'n groter skaal tot korrupsie en vermorsing lei. Hy is ook van mening dat niemand beter na geld omsien as die eienaar daarvan nie. Geen politikus sal dus met dieselfde nougesetheid na ekonomiese hulpbronne kan omsien as diegene wat dit self besit nie. In 'n regeringsbeheerde ekonomie, soos dié wat ten tye van *The Wealth of Nations* gegeld het, het Smith ook geargumenteer dat so 'n stelsel die geleentheid vir politici skep om hulself bo die res te kan ag. In hulle sogenaamde voorneme om die ekonomiese hulpbronne regmatig tot gelyke voordeel van almal te bestuur, is konings en ministers sonder uitsondering die mees spandabelrige deelnemers aan so 'n beheerde ekonomie.

DIE REALITEIT

Op sy private webwerf skryf Bill Gates op 20 Januarie 2016 die volgende: "*Right now, hundreds of millions of Africans rely on farming for a living, but they don't grow as much – and they don't sell as much of their surplus – as they could. As a result, Africa had to import \$40 billion worth of food last year. Something is not functioning properly when half of the continent's labor produces food, and the continent still buys its food from somewhere else!*" Dan vra hy: "*So what is going wrong? Why aren't African smallholders tapping into that \$40 billion market?*"

Dekolonisasie

Bykans die hele Afrika was op 'n stadium deur Europese lande gekoloniseer. Kort na die Tweede Wêreldoorlog het die gedagte begin posvat om onafhanklikheid aan hierdie kolonies te gee. Hoewel die proses al in die vyftigerjare begin is, is 42 van die 54 Afrikalande reeds teen 1970 gedekoloniseer. Die res het in die daaropvolgende dekades ook hul onafhanklikheid verkry.

Dekolonisering het meegebring dat landbougrond aan Afrikane terugbesorg kon word, selfs al het dit met drastiese ingryping, soos in die geval van Zimbabwe, gepaard gegaan. Behalwe in Suid-Afrika, is pres. Zuma se "*colonialisation and the disenfranchisement of African people*" dus omgekeer en kon Afrika-lande opnuut weer hulle rykdom op 'n florerende kommunale landbousektor herbou nadat die onreg van "*a man called Jan van Riebeeck*" uit die weg geruim is. Daar moet toegegee word dat daar aanvanklik 'n paar oorgangsprobleme sou wees maar hoe verder daar van die neerdrukkende koloniale stelsels af wegbeweeg sou word, hoe beter sou dit algaande met Afrika se voedselsekuriteit, en gepaardgaande akkumulering van rykdom, kon gaan. Gegronde op onlangse verslae van die FAO Policy Assistance Division, World Bank Development Research Group en

die New Partnership for Africa's Development- (NEPAD) program van die Afrika Unie, kan die huidige landbou- en voedselsituasie van Afrika soos volg opgesom word:


- In die meeste ontwikkelende lande buite Afrika is landbougrond vir ten minste al die afgelope 150 jaar in private besit. Grondeienaars het winste in fisiese kapitaal belê. Boerderye het mettertyd van bestaansboerderye na groter besighede gegroei en so ook die besighede rondom hulle wat die landbouprodukte verder verwerk.
- In die oorgrote meerderheid Afrika-lande het landbougrond kommunale eienaars wat deur 'n hoofman aan bewerkers toegeken word, in ruil vir voedsel. Gevolglik kan hierdie grond nie as sekuriteit vir produksiekrediet aangebied word nie en maak hierdie bewerkers van sogenaamde "cash loans" teen buitensporige rentekoerse gebruik om hulle boerderye mee te finansier.
- Die oorgrote meerderheid van boere in Afrika is ongeskoold met baie min boerderyvaardighede. Boerderye word gedomineer deur familieledede wat hul arbeid in ruil vir voedsel aanbied en bestaan meestal uit vroulike werkers. Boerderye is nie in staat om lone of salarisse te kan betaal nie.
- Daar is 33 miljoen, of dan 80%, plase in Afrika wat kleiner as 2 hektaar groot is. Slegs 3% van plase in Afrika is groter as 10 hektaar. Minder as 10% van die boere het toegang tot produksiekrediet.
- Voedselsekuriteit is 'n groter probleem in die platteland as in stede omdat die boerderye nie genoeg voedsel kan produseer om die betrokke familieledede te voed én nog die kommunale verpligtinge teenoor die hoofman ook na te kan kom nie. Omdat daar bykans nooit kontant verwissel word nie, het die boere ook nie geld om bykomende voedsel vir hulself te koop nie.
- Gedurende die afgelope 30 jaar het Afrika se bevolking verdubbel terwyl die stedelike bevolking drievoudig toegeneem het. Landbouproduksie het nie bygehou by hierdie groei in bevolking nie.
- Die toename in Afrika se landbouproduksie word behaal deur onbenutte grond te bewerk en om meer arbeid te gebruik. Verhogings in opbrengs en verbeterings in bewerkingspraktyke is geensins noemenswaardig nie. In die res van die wêreld word verhoogde landbouproduksie op bykans dieselfde konstante areas deur middel van 'n verhoging in produktiwiteit bewerkstellig.
- In 2006 is 33% van sub-Sahara-Afrika se bevolking, oftewel 200 miljoen mense, as ondervoed geag. Dit is ook die enigste streek in die wêreld waar daar verwag word dat dié situasie oor die volgende twee dekades gaan versleg, tensy daar drasties ingegryp kan word.
- Al die "laagste plekke" op wêreldranglyste word deur Afrika-lande gevul en die gaping tussen hierdie lande en die res van die wêreld bly aanhoudend groter word. Afrika benodig 'n groeikoers van ten minste 7% oor 'n tydperk van 15 jaar om hierdie neigings om te draai.

Voedselproduksie

Die effek van Afrika se hoofsaaklik kommunale model van boerdery word in Figuur 1 aangetoon.




FIGUUR 1: IN- EN UITVOER VAN LANDBOUPRODUKTE (AFRIKA)



Figuur 1 bevestig dat Afrika tans bykans \$40 miljard meer voedsel moet invoer as wat dit kan uitvoer. Tot en met 1979, toe die meeste Afrika-lande pas gedekoloniseer is, was Afrika 'n netto uitvoerder van voedselprodukte. Daarna het die situasie omgekeer en is dit geleidelik besig om verder te verswak. Afrika kan sedert dekolonisering dus nie meer aan sy eie voedselbehoefte voorsien nie en moet sy finansiële reserwes aanwend om kos aan te koop. Tensy dit ander bronne het wat hierdie behoefte aan buitelandse valuta kan aanvul, is Afrika se manier van boer eerder besig om sy inwoners verder te verarm as wat dit die oplossing vir armoede is.


Die effek van Suid-Afrika se hoofsaaklik kommersiële model van boerdery word in Figuur 2 aangetoon.

FIGUUR 2: IN- EN UITVOER VAN LANDBOUPRODUKTE (SUID-AFRIKA)



Volgens Figuur 2 was Suid-Afrika vir bykans die hele tydperk van 50 jaar 'n netto uitvoerder van landbouprodukte. Hoewel 'n sekere gedeelte van Suid-Afrika se voedselbehoefte wel vanuit die buiteland aangevul moet word, verdien die land meer as genoeg buitelandse valuta uit landbou-uitvoere om hierdie invoere mee te finansier. Die Suid-Afrikaanse manier van boer is selfvoorsienend en is gevolglik nie besig om die nasie in geheel te verarm nie. In 2000 het pres. Robert Mugabe van Zimbabwe ingrypende grondhervorming begin toepas om die "skeefgetrekte" koloniale eienaarskap van landbougrond in sy land reg te stel. Die hoofsaaklik wit kommersiële boerderye is feitlik oornag tot niet gemaak en onder eienaarskap van swart politieke lojaliste geplaas. Die effek van Zimbabwe se verandering van boerderymodel word in Figuur 3 aangetoon.

FIGUUR 3: IN- EN UITVOER VAN LANDBOUPRODUKTE (ZIMBABWE)



Zimbabwe was tot ongeveer 2005 'n netto uitvoerder van landbouprodukte. Dit het by tye tot bykans \$1 miljard bo invoere aan buitelandse valuta vir die land verdien. Met die vernietiging van kommersiële landbou het die land spoedig 'n netto invoerder van voedsel geraak met tekorte van tot \$1 miljard aan buitelandse valuta. Die totnietmaking van "wit" kommersiële landbou in dié land het ooglopend dus tot alles behalwe 'n algehele vermindering van armoede gelei.

Wat is fout?

"So what is going wrong? Why aren't African smallholders tapping into that \$40 billion market?" vra Bill Gates. Hoewel Afrika 'n oorvloed landbougrond as natuurlike hulpbron en getallegewys ook oorgenoeg arbeid beskikbaar het, kan 'n 2 hektaar plaas net nie voldoende kapitaal en entrepreneurskap trek om meer produktief te kan wees nie. Gevolglik kan hierdie boerderymodel nie surplusse produseer nie – wat die inwoners verhonger – en moet die tekorte ingevoer word – wat die kontinent verarm.

In die geval van Suid-Afrika wil dit voorkom asof die in- en uitvoere in balans is en kan daar genoeg buitelandse valuta gegenereer word om vir dié voedsel wat wel ingevoer moet word, te kan betaal. In die geval van Zimbabwe was landbou, vóór die ingrypende grondhervorming van 2000, 'n netto verdieners van buitelandse valuta terwyl die situasie drasties omgeswaai het ná die kommersiële landbou tot niet gemaak is. Die kort antwoord op Bill Gates se vraag is dus dat kommunale boerderye nie die boerderyhulpbronne op die effektiwste wyse kan allokereer nie en daarom verbeur Afrika \$40 miljard, oftewel R600 miljard, per jaar. Dit is bykans dubbeld die totale landbouproduksie van Suid-Afrika. Die kumulatiewe effek hiervan verarm die kontinent geleidelik terwyl daardie lande van waar die landbouprodukte ingevoer word, al ryker word.

SLOTSOM

Volgens pres. Zuma is die "onregmatige beslaglegging" op landbougrond die bron van armoede, ongelykheid en werkloosheid in Suid-Afrika. Dit het begin met die koms van Jan van Riebeeck en het volgens hom 'n hoogtepunt bereik met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910. By implikasie beweer hy dus dat kommersiële boere swart inwoners van Suid-Afrika van rykdom ontnem het en indien hierdie groep toegelaat kan word om in 'n kommunale stelsel te kan boer, sal hulle weer hulle "eertydse" rykdom kan herwin.

Niks is egter verder van die waarheid af nie. Die res van Afrika, wat lank voor Suid-Afrika gedekoloniseer is, is met sy hoofsaaklik kommunale boerderymodel vandag by verre armer as Suid-Afrika. Kommunale boerderye mag dalk deel van Afrika se oeroue oorlewingskultuur wees en 'n 2 hektaar plaas mag dalk die illusie van rykdom vir 'n inwoner van 'n plakkerskamp skep, maar wat Suid-Afrika betref, kan dit nie naastenby genoeg surplusse produseer om die groot getal mense in die stede te voed nie.

Kommunale boerderye kan nie kapitaal lok nie en dit kan gevolglik nie voordeel uit die wye spektrum van tegnologie trek om voedsel produktief te produseer nie. Gevolglik

is die model van kommunale boerderye nie 'n instrument om welvaart mee te genereer nie. Dit skep bloot 'n oorlewingsgeleentheid en verarm eerstens geleidelik die werkers self en daarna ook die nasie as geheel omdat voedselsekureit, teen 'n uitermatige hoë koste, ernstig daardeur benadeel word.

Dit is ook 'n flagrante mistasting dat koloniseringsvir al Afrika se probleme verantwoordelik is. Ander dele van die wêreld, waaronder Suid-Amerika en Asië, was ook op stadiums gekoloniseer en verskeie van hierdie lande het binne een generasie ná onafhanklikheid lewensvatbare en suksesvolle ekonomieë tot stand gebring waarbinne die landbousektor kon floreer.

Oral in die wêreld waar armoede suksesvol aangespreek is, het daardie lande volgehoue groei in hulle ekonomieë bewerkstellig wat meer werksgeleenthede kon skep en wat onbenutte arbeid kon absorbeer. Algaande is daar toenemend in die menslike kapitaal van die armstes binne die bevolking belê en kon armoede geleidelik verminder word.

Kommersiële landbou kan dieselfde vir Suid-Afrika help doen. Dit is daarbenewens ook die enigste ekonomiese sektor wat die land kan voed. Genoegsame selfgeproduseerde voedsel, en nie onderbenutte kommunale landbougrond nie, is bepalend vir die welvaart van enige nasie. Daarom is vertroue in landbou ook terselfdertyd vertroue in 'n land se toekoms. Pres. Zuma kan dit vir die hele land baie maklik maak deur die "onsigbare hand" toe te laat om self die hulpbronne op die mees produktiewe manier tot voordeel van die hele bevolking se welvaart aan te wend.

BRONNE

African agriculture, transformation and outlook. NEPAD, November 2013.

Attacking poverty. Chapter 2. World Development Report: 2000/01.

Policy Brief No. 1. FAO Policy Assistance Division (TCA): Food Security and Agricultural Development in Sub-Saharan Africa, 2006.

The heart of the matter: Africa's biggest problems stem from its present leaders. But they were created by African society and history. The Economist, May 2000.

Tribesman, Trader, Peasant and Proletarian. Peter Kallaway, 1978.

The voice from the periphery: towards an African business ethics beyond the Western heritage. Munyaaradzi Murove, SA Journal of Economic Management Sciences, 2005.



jou verskaffer van
landboukalk



LIMECOR
INDUSTRIAL MINERALS

Die natuurlike manier van vooruitgang

Kontak ons by: 079 107 LIME | 079 107 5463 | info@limecor.co.za | www.limecor.co.za

Straatadres: Lyttelton Dolomietmyn, Bothalaan, Lyttelton Suid-Afrika

Posadres: Posbus 14014, Lyttelton, 0140

LimeCor 'n filiaal van Afrimat Bpk.



Nasie in Gesprek by

Nampo 2016

Suksesstories •••

deur Marlon Abrahams

Dag 1 van Nasie in Gesprek het 17 Mei 2016 op 'n suksesvolle noot by

Nampo Oesdag afgeskop met anker Theo Vorster, uitvoerende hoof van Galileo Capital, wat oor suksesstories met Phillip Retief, hoofbeampte van Van Loveren Wingerde; Solomon Masango van Graan SA 2015 Nuwe Era kommersiële Boer van die Jaar, en Lennox Plaatjies, bedryfshoof van Witzenberg PALS, gesels het.

Die fokus was op die sukses van ontwikkelende produsente en bemagtigingsinisiatiewe en al drie paneelgaste het saamgestem dat die geheim van sukses sonder twyfel die "wil" is om dit te doen.

"Jy moet suksesvol wil wees," het Solomon gesê. Solomon het die mynbedryf verlaat en sy hand aan landbou probeer omdat hy "boerdery as 'n hernubare en volhoubare bron" beskou. "As jy die mynprodukt eers uit die grond haal, kan dit opraak; by landbou word 'n produk geproduseer en die grond kan elke jaar herplant word."

Solomon het omtrent sewe jaar gelede met slegs sewe beeste en een hektaar grond begin, en vandag het hy al kommersiële status bereik. Sy geheime vir sukses is om "hulp van ander kommersiële boere te soek, om gewillig te wees om te leer, en om versekering in plek te hê".

Phillip Retief het die Van Loveren Wingerde se suksesstorie gedeel waar die familiebesigheid besluit het om hulle 116 werkers deur 'n volgehoue vennootskap te bemagtig. Hier het twee entiteite saamgewerk om 'n nuwe plaas in 2004 te koop en te ontwikkel. Hier besit die werkers 52% van die besigheid wat nog elke jaar dividende gelever het.

"Die grootste uitdaging was kommunikasie en onderrig om die besigheid te verstaan. Ons het met mense van verskillende ouderdomsgroepe te doen gehad en dit was belangrik dat hulle verwagtinge bestuur moes word."

Theo het Phillip gevra of hy enige advies vir ander kommersiële produsente het wat in soortgelyke skemas betrokke wil raak.

"Doen dit omdat jy wil, nie omdat jy moet nie. Moet ook nie brûe verbrand nie en wees geduldig," het Phillip gesê.

Die politiek van voedsel •••

Tydens die tweede sessie het die vurige gesprek met nog 'n paar grade gestyg met 'n totale swart paneel wat die tema, Die politiek van voedsel, hanteer het. Mpumelelo Mkhabela, oud-redakteur van die Sowetan; Prince Mashele, politieke analis; Joe Maswanganyi, groep- uitvoerende direkteur van Senwes, en prof. Mzukisi Qobo, politieke risiko-analis, het hul tande omtrent ingeslaan in dié vleiserige onderwerp waar die slotsom eenparig was dat "ons moet wegbeweeg van die 'ons-en-hulle-mentaliteit' en besef dat voedselsekuriteit ons almal raak". "Indien die regering voortgaan om produsente met onvolhoubare beleide te vervreem, en indien produsente voortgaan om na werkers en swart produsente as aparte entiteite te kyk as hulself, sal beide partye aan die verloorkant wees," het Prince Mashele gesê.



Prof. Qobo het gesê dat daar "spanning tussen die regering en landboubesighede en kommersiële produsente is. Ons het met 'n situasie te doen waar beide partye 'n gebrek aan leierskap het en mekaar aan die kele gryp."

Prince het bygevoeg dat "jy nie net grond aan mense kan gee nie."

Weet Julius Malema en die EFF waar die olie vandaan kom waarmee hulle vanoggend spek gaargemaak het? As jy net die land gee sonder 'n ondersteuningsstelsel wat opleiding, finansiële hulp en vaardighede in alle aspekte van besigheid insluit, sal die grond onproduktief word en die hele land sal honger ly."

Joe het sy gewig by die debat gevoeg deur te sê dat die regeringsdepartemente baie meer belyng moet wees. "Ons staan baie kontrasterende kommunikasie van verskillende regeringsdepartemente in die gesig wat verwarring en vrees in die sektor inboesem. En as jy eers daardie beeld geskep het, is daar gevolge soos die wisselkoers en beleggings wat daal asook stygings in voedselpryse wat alles bydraende faktore is tot die bedreiging van voedselsekureit." Joe het bygevoeg dat die regering beleide instel wat gerat is tot die volhoubaarheid van voedselsekureit.

Risikobestuur •••

In die laaste sessie van Dag 1 het verteenwoordigers van John Deere, Engen, Nedbank, The Climate Corporation en Monsanto ingesluit, wat almal saamgestem het dat die beste manier om risiko's in landbou te verminder, is om 'n geïntegreerde oplossing te hê waar al die rolspelers in die voedselwaardeketting hul kennis deel.

"Die beste manier om onsekerheid te hanteer is om te deel wat jy weet,"

het die besturende direkteur van John Deere Sub-Sahara Afrika, Jason Brantley, gesê.

Die sessie was geanker deur dr. Mmatlou Kalaba, internasionale handelsekonom (Universiteit van Pretoria), met die paneel wat bestaan het uit Kit Barron, senior strategiese bestuurder (The Climate Corporation); Kobus Steenekamp, besturende direkteur van Monsanto Suid-Afrika; John Hudson, landbou-afdelingsbestuurder van Nedbank Besigheidsbankdienste; Mike Stead, bestuurder: kommersiële brandstof by Engen en Jason Brantley. Gegewe die huidige droogtoestande ervaar baie produsente verskeie ernstige uitdagings rondom risikovermindering regdeur die voedselwaardeketting. Nedbank se John Hudson het gesê dat die banke die verantwoordelikheid het om die gevolge van nie-betalings meer effektief aan hulle klante te kommunikeer.

"Daar is twee areas van risiko's vir die produsent: die een is besigheidsrisiko's met die vrees om nie hul produkte na die mark te neem nie, en die ander is finansiële risiko's wat terugbetalings affekteer."

Kit het gesê dat besighede soos syne, wat nou saam met Monsanto werk, daarna kyk om tegnologie te gebruik om risiko's te verminder. "Ons het 'n sagtewaretoep ontwikkel wat die produsent in staat stel om hulle oes so groot as moontlik te maak deur die effek van die kunsmis, reën, die tipe saadkultivar wat in sekere toestande geplant is, ensovoorts, beter

te verstaan."

Jason het gesê dat dit belangrik is om die klante op te lei. "Ons verkoop nie net ons produkte aan ons klante nie, ons stap die ekstra myl deur hulle op te lei met betrekking tot werkbare besigheidsmodelle, en hoe ons produk binne hierdie modelle pas om oeste en winste te optimaliseer."

Mike het meer lig gewerp op die behoefte om risikovermindering te bestuur in terme van brandstofverskaffing en verspreiding. "Geo-politiese sake, byvoorbeeld in die Midde-Ooste, en logistieke probleme soos swak paaie of skepe wat nie hawens kan binnegaan nie as gevolg van sterk winde, is scenarios waarvoor beplan word en waarvoor ons strategieë in plek het."

Kobus het gesê: "Produsente moet van planttyd tot oestyd omtrent 40 besluite neem, en om hierdie rede probeer ons hulle bystaan deur produkte te ontwikkel wat vir sekere kondisies geskik is." Hy het bygevoeg dat kommunikasie na die verbruiker krities is. "Ons moet ook risiko's verminder rondom die verspreiding van verkeerde informasie -

slegs een onverantwoordelike twiet kan 'n groot impak op die verbruiker se persepsies hê."

Die Vermenigvuldiger-effek – Die werklike waarde van landbou •••

Dag 2 Die werklike waarde en impak van landbou op die BBP kan nie akkuraat gemeet word nie – dit is waarskynlik iewers tussen die amptelike 2,5% en 'n relatiewe syfer van 6%.

Dit was die siening van die paneel waarmee die tweede dag afgeskop is.

Die sessie was geanker deur Theo Vorster, uitvoerende hoof van Galileo Capital met die paneel wat bestaan het uit prof. Ferdi Meyer, direkteur van BFAP (Buro van Voedsel- en Landboubeleid); prof. Johann Kirsten, hoof van die Departement Landbou-Ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling by UP, Mike Schüssler, direkteur en eienaar van Economists.co.za sowel as prof. Nick Vink, voorsitter van die Departement Landbou-Ekonomie, Universiteit Stellenbosch.

Die paneel het die "Vermenigvuldiger-effek – Die werklike waarde van landbou" bespreek waar Mike die bespreking aan die gang gesit het deur die konsep van BBP te verduidelik as "'n toegevoegde waarde-konsep" waar die totale waarde van 'n betrokke produk gemeet kan word deur al die toevoegings wat van die produksie- en verkopekant bygevoeg kan word.

"Indien jy byvoorbeeld na die wynbedryf kyk, moet jy die impak daarvan op die ekonomie meet deur die toerismekomponent wat dit genereer, ook in te sluit," het Nick gesê.

Die paneel het saamgestem dat rouprodukte in landbou nie in isolasie beskou kan word as die enigste bydrae daarvan tot die BBP nie, maar dat dienste soos vervoer, verpakking en verwerking, ensovoorts, alles 'n bydrae tot die vermenigvuldiger-effek op

landbou lewer.

"Dan is daar ook natuurlik die vermenigvuldiger-effek van werksverskaffing," het prof. Kirsten bygevoeg. Theo het genoem dat Suid-Afrika nou agter lande soos Egipte en Nigerië in terme van BBP is. Nick het daarop geantwoord dat Egipte en die res van Afrika toegang tot die Nylrivier het en daarmee dus ook toegang tot "een van die grootste besproeiingsisteme ter wêreld het, en tesame met politieke stabiliteit in die streek gedurende die laaste paar jare, het dit daartoe gelei dat koring- en mieliegewasse die hoogte ingeskiet het".

Ferdi het gesê dat daar drie kritiese kwessies is wat aangespreek moet word wat die groei van die landboubedryf kniehalter. "Politieke onstabiliteit, struikelblokke in handel soos die eenvoudige ondertekening van sake waarvoor ooreengekom is, asook die kostes van hulpbronne soos water en elektrisiteit, is alles sake wat hierdie bedryf terughou."

Akademici in gesprek slag heilige koeie met harde feite •••

Indien jy die kwessie van grondhervorming met die regering met 'n houding gaan benader, gaan jy verseker verloor. So het die politieke ontleder, rubriekskrywer en aanbieder van die televisieprogram Megaboere, dr. Piet Croucamp, die tweede sessie van Dag 2 afgeskop.

Piet was deel van 'n paneelbespreking met aanbieder prof. Johann Kirsten, hoof van die Departement Landbou-Ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling (UP) asook prof. Nick Vink, voorsitter van die Departement Landbou-Ekonomie (US).

Die drie akademici het oor die stand van landbou gepraat met die onderwerp getiteld "Akademici in gesprek slag heilige koeie met harde feite". Croucamp het aangevoer:

"Ons werklike probleem is om die familieboer by die proses van transformasie te betrek." Met ander woorde: "Daar moet probeer word om die boer te laat inkoop in die idee van transformasie."

Die siening tydens die sessie was dat produsente transformasie ook self moet probeer bestuur.

Produsente het immers nog altyd aangepas om lewensvatbaar te bly, selfs ondanks die feit dat subsidies reeds in die 80's gestaak is.

Kirsten het vanuit die ankerposisie verklaar dat daar baie dinge in die landbousektor is waarvan min mense bewus is: "Het jy geweet dat die meerderheid van wit boere in Suid-Afrika maar eintlik ook kleinboere is?" Dit in terme van die wins van produsente. Daarby het Kirsten ook genoem "hoe die verskynsel van 'n megaboer in 'n waardeketting funksioneer" maar taamlik onbekend in Suid-Afrika is. Op sy beurt het Vink op die verskille tussen

Amerikaanse en Suid-Afrikaanse boerderye gefokus: "In Amerika lewer sowat 20% van boere nagenoeg 80% van die produksie in daardie land. In Suid-Afrika lewer sowat 'n derde van die boere sowat twee derdes van die produksie."

Tydens die sessie is daarop gewys dat grond nie net aan mense verskaf kan word sonder die nodige ondersteuning wat hulle sal toelaat om die grond te bestuur nie. Verder moet die ondersteuningsnetwerke ook in plek wees alvorens daar met 'n boerdery begin kan word.

Grobler het ook die gesprek geneem na die kwessie van nuwe en verskillende organisasies in landbou en sy siening oor hoe hierdie organisasies met die regering moet kommunikeer. "Inherent is dit 'n bedreiging. Dit is 'n baie netelige situasie. Die nuutste aanbeveling is om 'n outonomie van vergadering tot die volgende vergadering te vestig. En dan om slegs daarvoor te vergader waarvoor daar wel outonomie bestaan."



v.l.n.r. Ferdi Meyer, Johann Kirsten, Nick Vink, Mike Schussler

Beleidsaangeleenthede •••

Die laaste sessie van die dag het gefokus op beleidsaangeleenthede en is aangebied deur Theo Vorster, uitvoerende hoof van Galileo Capital, terwyl die paneel bestaan het uit Jannie de Villiers, hoof- uitvoerende beampte van Graan SA; dr. John Purchase, hoof- uitvoerende beampte van Agbiz; Hamish McBain, voormalige uitvoerende direkteur van Tiger Brands Bpk. asook TP Nchocho, hoof- uitvoerende beampte van die Landbank.

Die paneel se siening was dat Suid-Afrika op die drempel van 'n politieke skuif is en dat die landbousektor die veranderinge wat hulle vir hulself wil bewerkstellig, self moet bestuur.

Hamish het gesê dat hulle rede tot kommer het: "Ons is nou reeds in beseringstyd. Ons het in die laaste dekade 'n afwaartse tendens beleef met betrekking tot die verlies aan produsente en geen belegging deur nuwe produsente nie... Die ideaal is om te sien dat landbou volgehoue groei toon omdat die bevolking van Suid-Afrika en Afrika ook groei, en iemand sal almal moet voed."

Hamish het inligting met die gehoor gedeel van 'n voorlegging rakende grondhervorming wat hy in China aangebied het. Hy het aangevoer dat die nege streke ter wêreld wat aan hierdie studie deelgeneem het, verklaar het dat die algemene rede

waarom grondhervorming onsuksesvol was, was die gebrek aan vennootskappe met die privaatsektor in terme van opleiding. "In Suid-Afrika het ons die ekstra dimensie dat daar 'n tekort aan vertroue tussen die regering, produsente en die privaat sektor is. Die twee ander kwessies wat die studie in hierdie nege streke uitgelig het, was 'n behoefte aan makro-finansierders sowel as 'n behoefte aan gefasiliteerde kommunikasie tussen die verskillende aandeelhouders." Jannie het hierop geantwoord dat die Nasionale Ontwikkelingsplan voorsiening maak vir die oordrag van 20% van grond. "Dit is aanvaarbaar, want daar kom jaarliks sowat 13% grond die mark binne, maar finansiering om hierdie plase te bekom, word nie beskikbaar gestel nie."

Van plaas tot tafel, volhoubaar •••

deur Aubrey Kruger

Dag 3 Die uniekheid van die Suid-Afrikaanse

landbouwaardeketting is in diepte bespreek tydens die openingsessie van Dag 3 met die treffende tema 'Van plaas tot tafel, volhoubaar' wat deur Theo Vorster, uitvoerende hoof van Galileo Capital, aangebied is.

Die paneel het uit 'n paar gerekende manne in die bedryf bestaan met Francois Strydom, hoof-uitvoerende bestuurder van Senwes, Connie Jansen van Vuuren, president van Beefmaster Suid-Afrika, Kevin Lovell, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging asook Kobus Pienaar, bestuurder by Woolworths Foods se bekende Good Business Journey.

Francois het aangedui dat die prys van stysel omtrent verdubbel het, maar hier is daar egter 'n baie belangrike aspek om te oorweeg. "'n Mens moet die relatiewiteit daarvan oorweeg. Elke kossoort se energie en koste moet vergelyk word. Ten spyte van alles is mieliemeel steeds die beste."

Connie het geantwoord dat hulle baie bevoorreg is: "Daar is 'n baie groot aanvraag na rooivleis. 'n Groot gros mense koop nou net meer maalvleis en agterkwarte." Aan die negatiewe kant is prys: "die droogte gaan dalk eers in September die rooivleiskoper affekteer". Kevin het die pluimvee-oogpunt uitgelig: "Die goedkoopste diereprodukt is eiers. Die beste kwaliteitprodukt is ook eiers. Dan eers volg varkvlies en beesvlies."

Kobus het die aspek van veiligheid van produkte aangerak: "Ons kliënte dring daarop aan. Hulle wil weet: is die kos veilig om te gebruik en hoe word dit geproduseer?"

Connie het die aspek verder geneem tot by naspeurbaarheid. "Naspeurbaarheid is nog nie so ver gevorderd in Suid-Afrika nie, maar daar is 'n ernstige beweging in daardie rigting."

Kobus het bygevoeg dat 'n mens soms net moet aanvaar dat die produk wat jy koop gesond is, "Ons sal so ver as moontlik uit geneties gemodifiseerde produkte bly."

"Konseptueel moet ons kyk dat dit wat ons aan die verbruiker verskaf, wel veilig is," het Kevin aangevoer. Die definisie van die waardeketting is ook omskryf. Francois het benadruk "elkeen in die waardeketting

het 'n bepaalde rol en voeg waarde toe." Francois het die uniekheid van die Suid-Afrikaanse produsent in die waardeketting uitgelig. "Hulle kry die helfte van die reënval teenoor produsente in Amerika en ontvang ook nie subsidies nie". Daar was ook konsensus dat die Suid-Afrikaanse verbruiker uniek is en baie anders daar uitsien as in Amerika of Europa.

Familiebesighede •••

Daar is geen ander manier om dit te stel nie – boerdery as 'n familiebesigheid staan absoluut sentraal in die Suid-Afrikaanse landbou-omgewing, en is al vir eeue 'n integrale deel van die sektor. Hierdie tema is tydens die tweede sessie van dag drie bespreek. Theo Vorster was weereens die gespreksleier.

Die paneel het uit topsakelui in landbou bestaan met Tommie van Zyl, uitvoerende hoof van ZZ2; Pieter Karsten jnr, adjunk- besturende direkteur van Karsten Groep; prof. Elmarie Venter, direkteur van NMMU se Eenheid vir Familieondernemings en Danie Minnaar, voorsitter van Senwes Beperk.

Theo kon dit nie beter uitgespel het nie:

"Dit gaan oor die familie as 'n eenheid."

Hier is daar baie uitdagings en suksesse ter sprake. Familiebesighede bestaan volgens Tommie al sedert Aristotle se dae (399 vC). "Daardie raamwerk is vandag nog relevant waar standhoudendheid en vertroue kardinaal is. Dit gaan oor die sisteem se doel."

Elmarie het hierby aangesluit deur te noem dat "familiebesighede 98% van alle besighede uitmaak (wêreldwyd)".

Danie het die familie-aspek beklemtoon: "Die John Deere's en Monsanto's van vandag was eens op 'n tyd familiebesighede." Dit opsigself wys die waarde van familiebesighede.

In kruks, om die voortbestaan van 'n familiebesigheid te verseker, is "die belangrikste element om seker te maak dat die organisasie-geheue behoue bly; om 'n resep te kan ontwikkel om 'n superorganisme te bou". So vertel Tommie.

Pieter verstaan sy rol binne hierdie superstruktuur: "As jonger boer moet jy vrede daarmee maak dat jy ondergeskik is. Jy moet nog baie verder groei en vorder. Hier is ek net bevoorreg om deel te wees van die besigheid se groei."

Van volgende generasies gepraat: 'n familieboerdery se sisteem moet reg wees. Elmarie noem hier:

"Vereistes moet ingestel word voor die volgende generasie daar is. Deur dit te doen skakel jy net soveel konflik uit."

Hoewel 'n mens jou plek moet ken, noem Danie dat die volgende generasie vroegtydig opgelei moet word. Danie het ook die aspek van opvolgbeplanning aangerak: "Ons spandeer nie genoeg tyd aan opvolgbeplanning nie."

Pieter sê: "Dit is jou primêre verantwoordelikheid om



v.l.n.r. Kobus Pienaar, Kevin Lovell, Connie Jansen van Vuuren, Theo Vorster, Francois Strydom

opvolgprosesse in plek te sit."

In 'n familiebesigheid moet die "aandag op dieselfde onderwerp toegespits wees". Dit is Tommie se siening waar "waardes en normes geraffineer word tot die volgende vlak."

Elmarie het vertel dat daar vier belangrike elemente hier is om na te kyk soos "die funksionele gebiede waar mense aangestel word, bestuursmeganismes wat aangepas kan word asook kommunikasie en kulturele waardes." Sy het dit aangevul met die feit dat familiebesighede ook "sosiale en entrepreneuriese kapitaal" het.

Ander probleme wat uitgeskakel moet word was ook bespreek: "Familiestelsels is 'n derde element van besigheid. Besluite wat in die familiestelsel geneem word, word in die besigheidstelsel ingestel. Dan kry jy nepotisme en konflik," waarsku Elmarie. Pieter sê 'n mens moet kommunikeer.

Vir Tommie van ZZ2, wat die helfte van die tamaties in Suid-Afrika produseer, gaan "dit oor die regeerproses. Die eienaarskap beïnvloed hoe die samestelling van die regeerders lyk."

Bevordering van die beeld van landbou •••

Die negende sessie van die Nasie in Gespreek-reeks wat by die Nampo Oesdag plaasgevind het was verseker propvol pitkos rakende die toekoms van landbou.

Op die agenda was die "Bevordering van die beeld van landbou" met die welbekende senior nuusanker en uitsaaiër, Jeremy Maggs, wat hierdie sessie gelei het. Dit was die grootste paneel met ses paneelgaste wat die tema aangepak het met Francois Strydom, hoof- uitvoerende beampte van Senwes, Chris Venter, hoof- uitvoerende beampte van AFGRI, Omri van Zyl, hoof- uitvoerende beampte van Agri SA asook Andy Rice, voorsitter van Yellowwood, Rob van Rooyen, uitvoerende direkteur: strategie van House of Brave en Phumi Mashigo, stigtingsvennoot van Ignitive.

Soos alles in die lewe het die beeld van landbou ook twee kante, "dit wat die sektor van hulle self dink en dit wat die persepsie daar buite is".

So het Jeremy sy saadjie vir die gesprek geplant. Francois het die sessie se groei bewerkstellig met die feite dat landbou nie anders as ander sektore is nie. "Elke sektor het 'n beeld. Maar dit is belangrik om hier tussen persepsie en feite te onderskei. Ons beeld is dat 'n produsent dinamies en pragmaties is, en dat die boer oor jare sy posisie in die mark versterk het." Chris het hierop gesê "Dit is egter nie maklik om persepsies te verander nie. Om persepsies te verander, moet ons eers individue met passie soek, en hulle dan vorentoe neem deur hulle te ondersteun." Omri het op balans gefokus. Aan die een kant is daar voedselsekureit: "Suid-Afrika is die enigste land in Sub-Sahara Afrika waar daar wel voedselsekureit is." Hy het aan die ander kant genoem dat landbou terselfdertyd baie doen om die beeld te verander. "Ons moedig self die privaat sektor aan om ook deel te raak van die sektor. Dit sal daartoe lei dat die sektor net al hoe vinniger sal groei." En nuwe boere sal dan die sektor betree.

Die bemerkingsfundi's het toe hul insette gelever. Andy het reg by die begin begin, dat die woord "brand" of handelsmerk sy oorsprong in die landbousektor het, maar dat dit ironies is dat die fokus van hierdie gesprek juis nou op die beeld van hierdie éinste sektor is: "Ek dink deel van die probleem in landbou is dat ons nie wéét wat die probleem is nie. Ons het nie 'n kwantitatiewe idee van die probleem nie. Jy kan nie 'n raaiskoot by jou beginpunt A neem nie, dan gaan jy verseker nie jou eindbestemming by punt B bereik nie."

Phumi het ook op 'n handelsmerk gefokus: "Die realiteit is dat in sekere gevalle, maak nie saak hoeveel keer jy oor die handelsmerk verf nie, dit sal nie die persepsie verander as daar fout met die karakter is van wat jy probeer bemark nie."

Omri het vertel dat daar 'n goeie toekoms in landbou is: "Ons het fantastiese mense. Die wêreld dink ons sektor is op steroïdes."

Hoewel die fokus deesdae op grondhervorming en voedselsekureit val, het Francois na 'n belangrike punt verwys: "Ons maak die punt dat grondeienaarskap nie gelyk aan voedselsekureit is nie."

Phumi het saamgestem en antwoord dat hoewel die fokus daar buite op talle negatiewe dinge in landbou is, is dit belangrik

"om groter te dink as net die kleiner sake daar buite". Anders "verklein ons onself op pad na grootheid".

Oor bemarking het Rob dit goed opgesom:

"Boere is soos bye, hulle is baie stil maar sonder hulle gaan almal doodgaan."

So is die tyd dalk nou ryp om die stilte te verbreek om landbou na nuwe hoogtes te neem. Francois het genoem dat die landbousektor die bemarking moet doen. "Die media is net die medium wat ons

moet gebruik; dit bly ons in die landbousektor se verantwoordelikheid om die goeie stories te vertel," het Francois passievol gesê en daarby gevoeg dat "ons nie die sosiale media moet onderskat nie", met verwysing na die massiewe verkeer op al die sosiale mediaplatforms tydens die afgelope week se Nasie in Gesprek.

Om mee af te sluit, gaan dit daaroor om eienaarskap van die beeld van landbou te neem, en almal binne en buite die sektor kan hiermee te help. "Anders gaan ons oor twee jaar weer oor dieselfde dinge praat," het Andy genoem. So,

wees elke dag pro-aktief en skaaf elke dag aan die beeld van landbou.

Fokus op die SAOG en Afrika •••

Die heel laaste sessie is deur dr. Mmatlou Kalaba, internasionale handelsekoonoom van UP aangebied met die fokus op die Suid-Afrikaanse ontwikkelingsgemeenskap en Afrika, en geleentehede wat Afrika bied.

Die paneel het bestaan uit Bonani Nyhodo, bestuurder van die Nasionale Landboubemarkingsraad (NAMC); Theo de Jager, president van die Pan Afrika Boerdery-organisasie (PAFO); Jacob de Villiers, besturende direkteur van Graanbestuur by AFGRI, asook Theo Vorster, uitvoerende hoof van Galileo Capital.

Die gesprek is begin met die vraag: Waarom beweeg sekere Suid-Afrikaanse boere in Afrika in? Bonani het geantwoord: "Boere is besigheidsmense, entrepreneurs wat 'n geleentheid buite die landsgrense raakgesien het."

Theo de Jager het oor die positiwiteit in Afrika gesels: "Die boere in Suidelike, Oostelike en tot 'n sekere mate Noordelike Afrika, is besigheidsmense. Daar is ook wonderlike interaksie tussen die Suid-Afrikaanse boere en die plaaslike gemeenskappe daar."

'n Meer globale en oorkoepelende feit is dat "groot kettingwinkels in Afrika inbeweeg. Dit het daartoe bygedra dat baie besigheidsmense ook dieselfde roete geneem het," het Bonani die situasie beskryf. Daar is dus integrasie van besighede en besigheidsmense in Afrika.

in Afrika inbeweeg, want daar sal geleentehede opduik. Daarom is die ontwikkeling van landelike gebiede in Afrika absoluut kritiek."

Alles is egter nie net maanskyn en rose nie. Theo de Jager het genoem dat "stabiliteit altyd 'n kwessie sal bly". Bonani het hierby aangesluit deur te noem dat daar ook "baie informele tolroetes in Afrika is". Die paneel het saamgestem dat daar wel verskuilde kostes is soos jy met vragte deur sekere Afrika-lande beweeg. Jacob het ook die logistieke kwessies aangeraak. "Om vragte in Suid-Afrika te verskuif is 'n probleem. Dit is 'n selfs groter probleem om vragte oor landsgrense te verskuif."

Wat verblydend was, was die positiwiteit onder al die paneelgaste. "Ons moet Afrika se potensiaal ontgin, om sodoende die wêreld te kan voed," sê Jacob. Bonani het gesê dat Suid-Afrikaners nou eers wyer kyk en die kanse vir groei is legio: "Suid-Afrika het in die verlede net op Suid-Afrika alleen gefokus en nie op Afrika nie. Nou is ons meer deel van die kontinent as in die verlede. Dis hoekom daar boere is wat vandag in Afrika besigheid doen."



v.l.n.r. Jeremy Maggs, Rob van Rooyen, Francois Strydom, Phumi Mashigo, Andy Rice, Omri van Zyl

So moet ons dit in 'n positiewe lig sien dat ons saam met ander lande werk, in stede daarvan om die uittog van boere net as 'n verlies te sien. Theo het dit beaam: "Dit is nie net Suid-Afrikaners wat besigheid in Afrika gaan doen nie, dit is individuele sakemanne." As mense oopkop bly sal hulle sien dat Afrika-lande Suid-Afrikaanse boere met ope arms verwelkom, en indien alles in plek val, kan Afrika die toekoms wees. Bonani het na die "Afrika-droom" verwys om 'n treinspoor van Kaapstad na Kaïro te bou om so Afrika-lande te verbind, en met Theo de Jager wat daarop gedui het dat "Afrika met 46% van die wêreld se onbenutte grond sit", en die feit dat Suid-Afrikaanse boere van die mees gevorderde in die wêreld is, kan Afrika werklik 'n krag word om mee rekenskap te hou.

Jacob voel dieselfde: "Ons volg die boere soos hulle



Opwindende

nuwe trekkers in die New Holland Suid-Afrika-stal

New Holland TT4

Die nuwe TT4-trekkerreeks gaan beskikbaar wees vir die Suid-Afrikaanse mark in twee modelle, naamlik die TT4.80 (60 kW) en die TT4.90 (66 kW). Hierdie reeks trekkers spog met nuwe stillering en 'n ligte uitleg wat uniek is aan New Holland. 'n Beproefde 3.9L FPT- (Fiat Powertrain) enjin wat turboaangedrewe en tussenverkoel is, lewer maksimum wringkrag teen lae toere met uitstekende brandstofverbruik. 'n 12x12 gesinkroniseerde transmissie verseker effektiewe kragoordrag, en is beskikbaar met meganiese vorentoe-agtertoe-skakeling, asook 'n opsionele spoelkas ("power shuttle").

'n Platform met ROPS en 'n doelgerigte kontrole-uitleg dra by tot hoogstaande operateurgerief, terwyl 54 l/min hidrouliese oliestroom verseker dat enige implement met gemak hanteer kan word.

By Nampo 2016 het talle boere gesien presies hoekom hierdie trekkers die ideale keuse is vir enige applikasie aangesien sy swaardiens-agteras en lang wielbasis hom uitlig bo sy teenstaanders.

New Holland T8

Die nuwe generasie T8 New Holland-trekkers spog met 'n lang lys nuwe aanpassings en veranderings wat meer veelsydigheid meebring, terwyl 'n nuwe model ook deel vorm van die reeks.

Hierdie trekkers spog steeds met die langste wielbasis in sy klas wat optimale gewigsverspreiding tot gevolg het, en vir die Suid-Afrikaanse mark gaan tweewielmodelle en twee-rusperband-modelle deel vorm van die reeks.

Modelle wat met bande toegerus is, sluit in die T8.350 (206 kW) en die T8.410 (250 kW).

Beide hierdie modelle word toegerus met dubbele voor- en agterbande, groter brandstofkapasiteit, 'n nuwe swaardiens-agteras op die T8.410, en 'n nuut ontwerpte luginlaatstelsel.

Die rusperbandmodelle sluit in die T8.380 (229 kW) en die nuwe T8.435 (280 kW) Smarttrax.

Hierdie trekkers word toegerus met enkelvoorbande en twee rusperbandopsies agter naamlik 24 duim wyd op die T8.380 en 30 duim wyd op die T8.435.

Hierdie is die keuse vir die fynproewer aangesien die hantering en gerief van 'n normale trekker saamgevoeg word met die traksie en flotasië wat rusperbande bied. Kort draaisirkels sonder oormatige grondversteuring is net die begin van die lang lys voordele wat hierdie unieke sisteem inhou. Die T8.435 is die eerste trekker in New Holland SA se stal wat toegerus is met 'n palwissel- (CVT) transmissie. Hierdie transmissie verseker dat diesel optimaal verbruik word vir die betrokke applikasie aangesien die effektiwiteit ten volle benut word deur vier direkte koppelings tussen die 9 liter enjin en die swaardiens-agteras. Hierdie trekkers spog ook met kajuitsuspensie vir die hoogste vlak van operateurgerief.

Die eerste T8.410 (250 kW) is tydens Nampo 2016 ten toon gestel met dubbel- voor- en agterbande, asook die nuwe T8.435 met 30 duim Smarttrax-rusperbande en palwisseltransmissie.

Die veelsydige reeks trekkers en vele meer is beskikbaar deur New Holland Suid-Afrika se landwyse handelaarsnetwerk. Vir meer inligting besoek NHSA se webtuiste by www.nhsa.co.za_of skakel Ockert Scheepers by 0823802405.

New Holland T8



T8

“PLM” STANDAARD
MET EEN JAAR
GRATIS RTX SEIN



CenterPoint
RTX



T8 SmartTrax
rusperbandtrekkers
nou beskikbaar!



www.nhsa.co.za
www.newholland.com

New Holland se reeks rusperbandtrekkers kombineer hanteerbaarheid en gerief van wiele met die flotasie en traksie wat rusperbande meebring. Modelle sluit in: **Rusperband: T8.380** – 230kw = 24" Rusperbande, Powershift Transmissie, **T8.435** – 285kw = 30" Rusperbande, Nuwe CVT (Constant variable transmission) transmissie. Kajuit suspensie en PLM standaard op beide rusperband modelle.
Wielmodelle: T8.350 – 209kw, **T8.410** – 250kw.

Sterk en veelsydig

TT4

Die nuwe TT4.90 (66 kW) trekker is sterk en veelsydig en spog met nuwe stillering en ligte uitleg wat uniek is aan New Holland.

'n Platform met ROPS en 'n doelgerigte kontrole uitleg verseker die beste operateursgerief en is die ideale keuse vir 'n wye reeks applikasies weens sy swaardiens-agteras.

'n 3.9l FPT (Fiat Powertrain) enjin word hier gekoppel aan 'n 12x12 gesinkroniseerde transmissie om effektiewe kragoordrag te verseker met brandstofdoeltreffendheid.

Kontak vandag jou New Holland-handelaar of skakel 082 380 2405 met die wêreld se beste in landbou voortreflikheid.



JOU SUKSES - ONS SPESIALITEIT

Lantana, die skadelike onkruid met geen waarde

Die lantana staan ook bekend onder die name Common lantana, cherry-pie, sleeper weed, wild sage en tick-berry.

*Hierdie plant behoort aan die Verbenaceae, die ysterkruid-familie. Die spesienaam lantana is afgelei van die Suid-Amerikaanse volksnaam vir hierdie skadelike onkruid. Die plant het sy oorsprong in tropiese Amerika en Afrika. Daar is ongeveer 150 spesies in die genus. Gekultiveerde spesies sluit in *L. montevidens*, *L. rugulosa*, *L. tilifolia* en *L. trifolia*. Meer as 50 verskillende variante word erken. Nuwe hibriedes ontwikkel gedurig en selfs skynbaar steriele plante hou dieselfde besoedelingsgevaar in as erkende spesies en variëteite.*

Die plant het in ongeveer 60 lande dwarsoor die wêreld genaturaliseer, insluitend lande soos Afrika, Australië, Indië en Suidoos-Asië.

Lantana is 'n klein lewenskragtige aggressiewe struik wat tussen 2 en 4 m hoog word. Met die ondersteuning van ander plante kan dit egter tot 8 m teen bome uitklouter. Dit kom veral in versteurde gebiede voor, maar dring ook baie maklik plantasies, inheemse woude, savannaveld en rivieroewers binne.

Die teenoorstaande enkelvoudige blare is eivormig tot langwerpig. Die blare is heldergroen met fyn haartjies wat op die oppervlak waargeneem kan word. Die blaarrand is getand en gekneusde blare het 'n onaangename reuk. Die jong takkies is vierkantig en doringagtig, maar by gekultiveerde spesies is die dorings afwesig. Die kleur van die blomme en die grootte van die dorings wissel, maar al die verskillende vorms en die meeste van die kultivars word as dieselfde spesie beskou.

Die blomknoppe wat dwarsdeur die jaar verskyn, bevat 20 tot 40 blomme en die kleur wissel van oranje, geel, rooi, pers tot pienk. Meer as 100 kleurkombinasies is by die blomme van die verskillende variëteite waargeneem. Meeste gekultiveerde spesies se blomme is enkelkleurig.

Die vrug is 'n vlesige bessie wat

aanvanklik groen is en swart word by rypwording. Elke vruggie bevat een tot twee sade. Volwasse plante kan tot 12 000 sade per jaar produseer. Die vrugte is giftig vir mens en dier, veral as dit groen is. Gevalle is aangeteken waar dit beeste se lewer aantast wat die diere uiters sensitief vir sonlig maak.

Omgewingsimpak

Lantana is vir die eerste keer in 1858 in Suid-Afrika aangeteken. Dit het aanvanklik al langs die Kwa-Zululandse kus verskyn, maar het baie vinnig na die binneland versprei. Dit vorm digte ondeurdringbare ruigtes wat inheemse plante verdring en erosie bevorder. Dit het ook 'n groot impak op boerdery- en bosboubedrywighede.

Die ryp swart bessies word veral deur voëls versprei, maar besmetting kan ook plaasvind waar saad ná 'n oorstroming in 'n besmette gebied weggespoel word na vloedvlaktes. Die saad kan baie warm vure oorleef en sodra dit deur die spysverteringskanaal van voëls gegaan het, verhoog dit die kiemkragtigheid. Dit plant ook vegetatief voort.

Lantana word in die Global Invasive Species Database deur die Invasive Species Specialist Group (IUCN) as een van die 100 ergste indringerplante in die wêreld gelys wat geen ekonomiese waarde het nie. Dit bevat kenmerke wat skadelik vir die mens, dier en die omgewing is. Verrote blare bevat





INDRINGERPLANTE

biochemiese bestandele wat die ontkieming van ander plante benadeel.

Waarom 'n probleemplant?

Die plant is hoogs giftig vir beeste – wat lei tot fotosensitasie en dood. Die teenwoordigheid daarvan het 'n negatiewe materiële impak op biodiversiteit en verlaag die markwaarde van grond. Dit vorm digte, onpenetreebare bosse, vervang inheemse plante en help erosie aan. Dit is reeds in 1954 verklaar as 'n skadelike onkruid regdeur Suid-Afrika. Vandag is dit 'n Kategorie 1 Verklaarde Onkruid en die voorkoms daarvan is verbode.

NB: Dit is belangrik om *Lantana camara* te onderskei van die inheemse *Lantana rugosa* (ook bekend as Bird's Brandy, Voëlbrandewyn of Wildesalie). Laasgenoemde se voorkoms kom redelik ooreen met die uitheemse onkruid, maar is 'n regop, smaller struik tot 2 m hoog, met heelwat kleiner blare en blomme. Blomme is 6 tot 12 mm lank, trompetvormig, pienk of pers (nooit wit of oranje nie), gedra in klein trossies op die punte van stele. Vrugte vorm digte bossies gedra op die punte van stele, en is rond, vlesig en pers wanneer dit ryp is. *L. rugosa* is nie 'n uitheemse indringer nie; word wydverspreid gebruik in tradisionele medisyne en moet bewaar word.

Uitroei- en beheermetodes:

Lantana is baie moeilik om uit te roei of te beheer. Nadat dit afgekap of verbrand is, mag dit voorkom asof dit dood is, maar die sade kan steeds ontkiem en groei, stompe herlewe, meer sade produseer en die investasie kan digter en meer wydverspreid voorkom. Die enigste manier om dit volkome uit te roei, is deur 'n strawwe kombinasie van fisiese en chemiese behandeling met gereelde opvolgtoediening.

Biologiese agente kan materieel bydra tot die beheer van die plant. 'n Effektiewe beheermetode is om digte bosse af te kap en dan die stompe en hergroeie met onkruidodder te verf, veral in die somer tot herfs. Klein plantjies kan gedurigdeur verwyder word soos dit ontkiem.

Onkruidodders moet onmiddellik toegedien word ná bosafkapping.

Verskeie onkruidodders is vir die beheer van lantana geregistreer, meeste daarvan gebaseer op glifosaat as aktiewe bestanddeel vir blaaren stomptoedienings sowel as die hele plant; en tebuthiuron (maar sien onderstaande) vir grondbehandeling.

- Alle blaaronkruidodders benodig die byvoeging van 'n verspreidings- en benattingsmiddel. Gebruik slegs die tipe wat deur die etiket gespesifiseer word.
- Alle onkruidodders moet gebruik word sodra dit vars gemeng is (moenie oornag laat staan nie).

NB: Volg die instruksies op die onkruidodderetiket noukeurig.

Baie onkruidodders kan giftig wees vir ander plante en/of wilde of mak diere indien nie korrek toegedien nie. (Verkeerde gebruik van onkruidodders is 'n strafregtelike oortreding ingevolge Wet Nr. 36 van 1947.)

NB (1): Picloram-gebaseerde onkruidodders kan redelik veilig toegedien word op gesnyde stompe, maar moet nie as blaarbehandeling toegedien word nie, omdat dit die omliggende plantegroei ook kan uitroei. Gebruik eerder glifosaat-gebaseerde onkruidodders vir blaarbehandelings van die hele plant alhoewel hul ook tydelik al die omliggende groen plantegroei gaan "doodmaak".

NB (2): Tebuthiuron is 'n grondsterilant en kan omliggende houtagtige plantegroei vir baie jare ná toediening beskadig. Dit mag slegs gebruik word onder die toesig van 'n onkruidodderspesialis.

Studies in Suid-Afrika wat op die wortelvretende kewer (*Longitarsus spp.* Coleoptera, Chrysomelidae en Alticinae) gedoen was, het bepaal dat dié metode nie volhoubaar suksesvol is om die plant biologies te beheer nie.

In Suid-Afrika is lantana 'n Kategorie 1 verklaarde onkruid en moet dit vernietig word. Die beste vorm van bestryding is om alle plante fisies te verwyder

Bron: <http://www.northwestnewspapers.co.za/herald/home/series/indringerplante/375-lantana-camara>

The success story of Mokete farming

by Delene Snyman



Grain from the Mokete farm was recently delivered at the VKB Mill in Mokopane, marking the successful end of the first leg of NTK's involvement in the project. Braam Crots, manager of the Department Agricultural Development Limpopo is satisfied with the results and already looking forward to forthcoming co-operation between NTK and farmer Lawrence Mokete.

Background

Braam Crots met Lawrence Mokete through Lehlogonolo Mogale of the National Youth Development Agency (NYDA). At this stage Lawrence and four relatives had just received a 40 hectare pivot from LEDA (Limpopo Economic Development Agency) that was erected on tribal land in the Sekhukhune district. When Braam and his team first visited this farm, de-bushing was still underway.

After discussions with NYDA, NTK undertook to support this project by supplying seed, fertilizer and chemicals and by setting up a market for the farmers. NTK also acted as mentor to Lawrence and his partners.

From the outset Braam was worried that expenses

such as the Escom account could sink the project. This problem was resolved when SEFA (Small Economic Finance Agency) got involved by granting the farmers a loan, thus setting the project into motion in September 2015.

The Project

After suggesting to the farmers that white maize is the right grain to grow in this area and with prices being favorable, it was a logical choice. After soil analysis was done, a suitable fertilizer program from Agron was implemented. Due to lack of mechanization implements, an independent contractor prepared the land for the first seeds to be planted early in October. NTK's Grain Department got involved by entrenching production at a good price for the farmers.

From the outset Lawrence proved to be a young farmer with passion for agriculture. He did his tasks such as irrigation and herbicide application with precision and excellence. His positive attitude and dedication set the grounds for the maize to grow to its full potential.

Nature dealt the project a blow with scorching temperatures in December and January. With temperatures well above 40 degrees, it became evident that the target of 10 ton per hectare would not be realized. The 8 tons per hectare that the independent contractor reaped from the land, was still good enough in a difficult agricultural year.

The outcome

After many hours of hard work, many obstacles to overcome and much to learn for first time farmers, the Mokete farming project was successful for all parties involved. The partnership between NTK on the one side and Lawrence Mokete and his partners on the other, serves as an example of how developing farmers can be assisted with good advice and assistance to become successful farmers well on their way to becoming commercial agricultural producers of this country.

NTK is proud to be part of this project by putting money where mouth is and walking the distance with developing farmers from start to finish. Because NTK wants to build long-term relationships with successful upcoming farmers, the next project on the Mokete farm is already underway. Sugar beans will ensure that accurate crop rotation is followed on the farm.

After the successful venture between NTK and Lawrence Mokete and farmers, it is evident that the two parties have the same motto: "For the love of the land"!



Lawrence Mokete and Braam Crots proved that co-operation takes you a long way.



Hannes de Lange (contractor), Kgabo Mooka (NTK), Jerry Masenya (LEDA), Lawrence Mokete (farmer and chairperson of co-op), Braam Crots (NTK), Nndwamato Mashamba (SEFA) and Patrick Mathoma (SEFA) form a mean team for success.





BRASMAX

TEM RENDIMENTO



- GDM Genetics is 'n maatskappy in Brasilië verantwoordelik vir die verskaffing van top genetiese materiaal vir die Brasmax handelsmerk met teelprogramme wat sterk funksioneer sedert 1982.

- Brasmax is in 2003 in Brasilië van stapel

gestuur en het sedertdien net gegroei in gewildheid onder die sojaboon boere.

- Vandag is Brasmax 'n baie bekende handelsmerk en een van die leiers in die saadbedryf wat spog met 'n dominerende marktaandeel.

Reinhard Hills



: 063 502 9476



: 087 354 9551




: 086 674 2849



Hoekom moet jy BRASMAX probeer?

- Dit is top Suid Amerikaanse genetika wat aangepas is vir die Suid Afrikaanse klimaatstoestande.
- Hierdie is gesertifiseerde saad met hoë kiemmings van meer as 80%.
- Kwaliteit en suiwerheid word gewaarborg.
- Hierdie gesertifiseerde saad is huidig die laagste geprys (tot 20% goedkoper) in die mark wat die insetkoste van die boer verlaag om sy winsmarges te vergroot.

BRASMAX
ATIVA RR
5901 RSF



● Matig
● Koel
● Warm

BRASMAX
BRAVA RR
6968 RSF



● Matig
● Koel
● Warm

Streek	Oktober					November					December							
Koel (270,000 - 300,000)	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30
Matig (300,000 - 330,000)	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30
Warm (330,000 - 360,000)	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30

AGRONOMIESE INLIGTING	BRASMAX ATIVA '5901 RSF'
Groeiwyse	Onbepaald
Groei klas	5.9
Gemiddelde Plant Hoogte	Gemiddeld
Vertakkings Potensiaal	Hoog
Grondvrugbaarheid Behoeftes	Hoog
Opbrengsvermoë	Hoog
Staanvermoë	Baie goed
Gemiddelde gewig van 1 000 sade	164g
Haarkleur	Grys
Blomkleur	Wit
Stamkanker	Weerstandbiedend
Phytophthora	Weerstandbiedend (RPS 1K)
Frogeye	Vatbaar

Streek	Oktober					November					December							
Koel (260,000 - 280,000)	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30
Matig (280,000 - 290,000)	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30
Warm (290,000 - 300,000)	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30	5	10	15	20	25	30

AGRONOMIESE INLIGTING	BRASMAX BRAVA '6968 RSF'
Groeiwyse	Onbepaald
Groei klas	6.9
Gemiddelde Plant Hoogte	Gemiddeld
Vertakkings Potensiaal	Hoog
Grondvrugbaarheid Behoeftes	Gemiddeld
Opbrengsvermoë	Hoog
Staanvermoë	Baie goed
Gemiddelde gewig van 1 000 sade	189g
Haarkleur	Grys
Blomkleur	Pers
Stamkanker	Weerstandbiedend
Phytophthora	Weerstandbiedend (RPS 1K)
Frogeye	Weerstandbiedend

Samewerking danksy Die Pad Saam



Die wildbedryf is 'n dinamiese bedryf wat jaarliks baie jagters van oorsee lok. James Murray het vir vele jare as beroepsjagter en jagondernemer gewerk en baie buitelandse jagters ontmoet. Hy het besef dat 'n groot gedeelte van die bok vir die jagter verlore gaan, selfs al word die monterings later aangestuur. Die "back skin" of rugvelle word selde benut.

Om 'n beter diens aan sy kliente te kon lewer, het hy sy vrou, Nicy, gevra om handsakke van die leer te maak. In daardie stadium het sy vir NTK op Modimolle gewerk en kon goed klere maak. Hulle het 'n masjien aangekoop wat spesifiek geskik is om leer te stik en vir Nicy het dit 'n heerlike stokperdjie geword. Toe hulle in 2010 Swartwater toe verhuis, het Nicy voltyds begin handsakke maak en so het die onderneming begin om aan die jagter se behoeftes te voldoen.

Wat hulle van die vervaardiging van leerprodukte geweet het, het hulle hulself geleer. Nicy het patrone op die internet gekry, YouTube-video's gekyk en nagte deurgewerk. Gou-gou was die werk meer as wat sy kon baasraak. James het betrokke geraak. 'n Kontrak met Safari & Outdoor om ge-weersakke te maak het die draaipunt gebring en James het al sy aandag aan die leer-saak gewei. In 2013 trek hulle terug Nylstroom toe om meer sentraal die mark te kan bedien. Buiten vir Safari

& Outdoor maak hulle ook handsakke, reistasse, badkamersakke, skootrekenaarsakke, skooltasse of enige ander leerprodukt waaraan jy kan dink vanuit hul tuisonderneming vir winkels, skoue, markte en inloop-klieënte.

Klieënte bring soms hul eie velle om verwerk te word, maar meestal koop hulle die leer aan. Produkte wissel van klassieke style tot enigiets wat die klieënt wil hê. Produkte kom ook in die mode en gaan weer uit en Nicy sorg dat hulle produkte alle smake bevredig. Sy is die kreatiewe een terwyl James die besigheidsman is.

Deur *Die Pad Saam* ontmoet hulle vir Henning Pienaar, eienaar van Lalele Krokodilplaas in 2014. Henning voer sy topgehalte leer uit na die buiteland, maar het iemand gesoek wat produkte van die res van die leer kon vervaardig. James en Nicy Murray was presies waarna hy gesoek het. Boonop woon hulle in sy buurdorp. Baie van die krokodilleerprodukte wat James en Nicy vir Henning vervaardig word uitgevoer, maar dit is ook plaaslik beskikbaar.

En so was die een hand die ander – danksy *Die Pad Saam*.

James en Nicy het 'n geleentheid gesien in die mark, hulle het hulself die tegniek van leerproduktvervaardiging aangeleer, hulle het die beste toerusting aangeskaf en kundige mense in diens geneem. Die produkte wat hulle vervaardig is nie goedkoop nie, en met die ekonomie wat nie te waffers is nie, is hulle dankbaar om ses dae 'n week te werk om aan die aanvraag na hul produkte te voldoen.

Hulle verhaal is 'n suksesverhaal maar hulle bly daagliks op hul knieë en leef in dankbaarheid. James en Nicy glo dat die Here deur *Die Pad Saam* aan hulle 'n geleentheid gebied het, en dat Hy steeds op wonderlike maniere vir hulle sal sorg.



WEKROEP!

Dit is 'n bewese feit dat produsente wat fokus op hulle **KALKPROGRAM**, selfs in moeilike jare, hulle opbrengs risiko's verlaag.



Oorweeg die alternatiewe:

► **OTTOSHOOP DOLOMIET (Nuut)**

REG NR B4847, KKE 96%: Ca 22% Mg 11%

- Homogene produk uit 'n balmeule - Uitstekend strooibaar!
- Voldoende produkbeskikbaarheid (aanlegkapasiteit 150 000 ton per jaar)
- Hoë reaktiwiteit - KKE suur 96%, KKE Hars >62%
- Op mikrofyn grens waar >90% kleiner is as 250µm en >75% 106µm

► **PROLIME KALSJET**

REG NR B4009, KKE 89%: Ca 33% Mg 0,7%

- Sterk kalsiet met hoë KKE van 89%
- Amorfe struktuur
- Groot aanleg met voldoende produksiekapasiteit
- Natuurlike produk

Kontak die spesialiste
in Kwaliteit en
Vervoerekonomie vir 'n
doelgemaakte kwotasie.

SA **KALK & GIPS**
LIME & GYPSUM

086 0103 515
www.sakg.co.za



Santa Gertrudis

INDRUK

NOORD SANTA KLUB VEILING:

DINSDAG 12 AUGUSTUS 2016, BELA BELA



Deelnemer aan die
Nasionale Genomika Projek
(Beef Genomics Project)



Dr. Hennie Nel | 083 302 1625 | nell@mweb.co.za
Louise Paterson | 082 774 0317 | drhnel@mweb.co.za

h/a Nkomane Boerdery, Posbus 35943 Menlo Park, Pretoria, 0102



Muggies kan met welslae beheer word

Dis hartseer om te aanskou hoe muggies jou vee se lewe kan versuur, en selfs hul dood kan veroorsaak. Hierdie klein insekte kan 'n blote irritasie om die braaivleisvuur wees, maar wanneer hulle jou vee takel, kan hulle dodelike siektes met hulle saamdra.

Op die webblad wikipedia.com het ons 'n artikel gevind wat deur prof. Gareth Bath en dr. Jan de Wet geskryf is, en ons haal vervolgens hierdie artikel aan:

“ Muggies (Nematocera) is vlieënde insekte wat aan die orde van tweevlerkiges behoort. Sommige spesies lyk meer soos vlieë, spinnekoppe of vlinders as ander muggies. Op die oog af lyk muggies soos primitiewe vlieë met 'n klein, dun en broos liggaam, ses dun pootjies, gewoonlik twee veeragtige antennes, 'n klein kop en dikwels 'n sigbare suigsnoet.

Muggies leef van plantsappe (soos nektar) en is redelik onopvallende insekte. In hul rustende toestand word die twee vlerke agter die rug ingevou en die agterste pote na agter uitgestrek. Hulle neem dié posisie in om aankomende vyande te bespeur. Hulle kan lugbewegings met die agterpote waarneem en vinnig wegvlieg sou gevaar nader.

Steekmuggies is die bekendste muggies en is in beginsel onskuldige insekte wat van nektar leef. Tog is hulle berug as bloedsuiers. Die wyfies benodig die bloed vir die ontwikkeling van hul eiers. Dit veroorsaak meestal 'n rooi jeukerige knoppie, maar bytende muggies kan ook groot skade aanrig weens die siektes wat hul versprei. In tropiese gebiede dra muggies dikwels dodelike siektes (soos malaria) op groot skaal aan mense en ander diere oor. Miljoene mense sterf jaarliks aan hierdie siektes en dit veroorsaak enorme ekonomiese skade vir veeboere.



Verspreiding

In Suid-Afrika is daar drie groepe bloedsuiende muggies wat 'n las is vir mens en dier, naamlik *Culicoides*, *Leptoconops* en *Simulium*. Net die wyfies van hierdie muggies val mense en diere aan.

Die **Culicoides-soorte** is volop in die warm somermaande. Hulle voed hoofsaaklik in die skemerte en snags. Hulle teel onder meer in klam beesmis en modder wat ryk is aan organiese materiaal en dra virussiektes soos bloutong en perdesiekte oor.

Die **Leptoconops-muggies** kom veral in die lentemaande voor. Hulle voed bedags en teel gewoonlik in sand met 'n hoë soutgehalte en word dikwels in seisoenale waterlope in dorre gebiede aangetref. Hierdie muggies het al 'n plaag geword in die omgewing van De Aar, Williston, Aliwal-Noord en Walvisbaai. In die duineveld by Stilbaai en aan die Weskus by Mamre word 'n groter *Leptoconops*-soort aangetref wat blykbaar in die duinesand teel.

Die **Simulium-muggies** is algemeen bekend as riviermuggies of swartvliegies en daar is verkeie soorte wat mense en diere in die dag veral langs die Vis-, die Vaal- en die Oranjerivier, wat betreklik vinnig vloei, pla. Probleemkolle kom in die omgewing van Prieska tot onderkant die Augrabieswaterval voor en dié probleemstrook strek tot 80 km aan weerskante van die rivier. Wind speel 'n groot rol in die verspreiding van die muggies. Die muggiespitsstye is veral vanaf September tot Desember, maar in reënjare word probleme ook in die herfs en winter ondervind. Weeklikse opnames van larwebevolkings in die rivier naby Upington het getoon dat muggielarwes reeds aan die einde van Julie begin toeneem, met 'n spits tyd in Augustus.

Riviermuggies teel net in lopende water en hul lewensloop sluit 'n eierstadium, verskeie larwestadia, 'n papiestadium en die volwasse mannetjies en wyfies in. Die eier-, die larwe- en die papiestadium word in die water deurgebring.

Larwes en papies van die belangrikste pessesie, *S. chutteri*, word hoofsaaklik gevind in vinnig vloeiende water, soos stroomversnellings, waar hulle aan klippe en drywende plante vasheg.

Oorsaak

Die belangrikste faktor wat tot die muggieprobleem lei, selfs in minder ernstige probleemstreke, is hoë watervloei in die riviere. Koeler, bewolkte en vogtige weerstoestande en, in sekere omstandighede, sterk winde wat minder voorkom, kan die aktiwiteit van die muggies nader aan die rivier laat toeneem.

Voordat die bestaande damme in die riviere gebou is, het die watervlak van die riviere van nature gewissel. Die Visrivier het byvoorbeeld in die droë tye van die jaar tot stilstand gekom en sō uiters ongunstige toestande geskep vir die suksesvolle ontwikkeling van die watergebonde stadia van die muggies.

Ná die voltooiing van die damme word water nou opgegaar en vloede in groot mate beheer. Dit verseker 'n konstante watervloei in die riviere en besproeiingskanale, wat aan die muggies ideale toestande bied om feitlik die hele jaar te teel. Gevolglik het die muggiegetalle aansienlik toegeneem sodat hulle veral ná die winter 'n plaag kan word. Die muggieplaag het dus tot groot hoogte deur die mens se toedoen 'n probleem geword.

Simptome

Kwaai muggiebyte aan vee kan uitgeken word aan bloederige korse in die ore, terwyl soortgelyke letsels om die oë en die neus kan voorkom. Bytplekke is dikwels ook op die uier en skrotum sigbaar. Sekondêre infeksies ontstaan soms en vererger die letsels.

Wanneer vee deur groot getalle muggies aangeval word, kan die intense irritasie lei tot verliese in melkproduksie, of in eierproduksie by kleinvee. Pasgebore lammers kan sterf, ooie kan belang in hul lammers verloor en ramme kan onwillig raak om te paar. Voorts kan die skape sō geïrriteer word dat hulle nie bedags wei nie, maar in bondels staan of lê. Dit alles lei tot aansienlike produksieverliese vir die boer.

Bestryding

Beheer van volwasse muggies op vee

Daar is tans verskeie sintetiese piretroïede geregistreer om muggies by beeste te beheer, maar by kleinvee bly dit 'n probleem, want tot dusver is net enkele middels vir dié doel geregistreer.

Die beweeglikheid van die muggies en dat hulle in spitstye 'n plaag in riviere word en met hul knaende teenwoordigheid kleinvee irriteer, lei daartoe dat hulle moeilik beheer kan word.

Watervlakmanipulasie

'n Praktiese en natuurlike metode vir beheer van riviermuggies is om te sorg dat die watervlak van die groot riviere van tyd tot tyd wissel. Dit kan gedoen word deur die water periodiek by die groot keerwalle

af te sluit. Sulke stappe het die uitdroging, en dus die vernietiging, van groot getalle van die onbeweeglike papies tot gevolg. Daar is ook aanduidings dat selfs die groter larwes deur die wisseling van die watervlak ontwig word, nie weer maklik aan substrate vasheg nie en tot niet gaan.

Die doeltreffendheid van watervlakmanipulasie hang af van die duur en opeenvolging van die afsluitings en is die effektiwste naaste aan die damwal omdat dalings dár drasties is. Wanneer damwalle egter oorloop, vloede afgekeer moet word, of gedurende kwaai droogtes, kan dié metode nie toegepas word nie.

In die Vaalrivier, waar die damme betreklik naby mekaar geleë is, bied dié metode goeie beheer.

Effektiewe afsluitings van die P.K. le Rouxdam in die plaaggeteisterde Oranjerivier is vir veral die Benede-Oranjeriviergebied feitlik onuitvoerbaar. Redes is ondermeer die lang afstande tussen die groot damme en die plaasgeteisterde gedeeltes sodat die water lank laat loop moet word ná 'n afsluiting, die té lae inhoudsvermoë van die Boegoebergdam, die uitgebreide verbouing van wintergewasse, wat vereistes vir spilpuntbesproeiing, die steeds groeiende vraag na besproeiingswater, langbesproeiingspitstye vir 'n verskeidenheid gewasse en die betreklik droë klimaat van veral Noord-Kaapland. Hierbenewens skep die onvoorspelbare opwekking van hidro-elektriese krag deur Eskom probleme met die beplanning van afsluitings. In die Oranjerivier word enkele beperkte waterafsluitings in die wintermaande tog toegepas omdat verdamping en besproeiingsbehoefte dan laer is. Dit sal hopelik verligting bring vir die gedeeltes naaste aan die dam.

Behandeling van riviere met selektiewe larwedoders

Twee beproefde middels word al etlike jare met sukses in Wes-Afrika gebruik. Die een is 'n spoor-suspensie van die bakterie *Bacillus thuringiensis* var. *israelensis* (B.t.i.) en die ander 'n organofosfaat bekend as Temefos. Albei is bio-afbreekbaar en baie selektief vir filtervoedende insekte soos muggielarwes.

Aanvanklike proewe met B.t.i. in die Vaal-, die Vis-, die Oranje- en die Pienaarsrivier was net deels suksesvol aangesien troebelwater of water met 'n hoë chloorinhoud die doeltreffendheid van die middel verminder. 'n Nuwe, hoogs gekonsentreerde formule van B.t.i. wat nie vooraf met water verdun hoef te word nie, is beskikbaar..

Elke beheermethode hang egter af van die tyd van toediening sodat die grootste uitwerking teen die laagste koste verkry kan word. 'n Kombinasie van watervlakmanipulasie en larwedoders, toegepas op strategiese tye van die jaar, behoort 'n bevredigende oplossing vir die probleem te bied.

Navorsing hiervoor duur voort.

Bron: De Wet, J en Bath, G. 1994. Kleinveesiektes. Tafelberguitgewers. ISBNB 0 624 03203 5

Boer sonder grond:

Wortelmistegniek bied wonderlike geleenthede



*Boerderytegnieke waar grond nie noodwendig 'n vereiste is nie, word al hoe meer ondersoek. Aeroponika is nog een van die tegnieke waarmee landbouprodukte soos groente en vrugte verbou word. **Hannelie Cronjé** het meer hieroor gaan nalees.*

Wat is aeroponika?

Volgens die webblad www.wikipedia.org behels die basiese beginsel van aeroponika dat plante in 'n toe of gedeeltelik toe omgewing hang en dat die plante se hangende wortels en die onderste gedeelte van die stam met 'n voedingstofryke wateroplossing deur 'n misreën besproei word. Die blare en kroon steek aan die bokant uit en word gewoonlik van die wortels geskei deur 'n plantsteunstruktuur, wat dikwels van digte spons gemaak word. Dié spons word in 'n opening in 'n aeroponiese "kamer" of houer gedruk wat dit minder arbeidintensief en meer kostedoeltreffend maak. Vir groter plante word traliewerk of priële gebruik om die gewig van die groente en vrugte te dra.

Volgens die artikel word die omgewing in ideale omstandighede ook vry gehou van peste en siektes sodat die plante gesonder is en vinniger groei as plante wat in 'n groeimedium geplant is. Omdat die meeste aeroponiese groeistasies egter nie heeltmaal

dig toegemaak is nie, hou peste en plae steeds 'n bedreiging in, maar weens die aard van die tegniek is dit makliker om van sulke plante ontslae te raak sonder dat hulle die groeimedium kontamineer omdat daar nie 'n groeimedium bestaan nie.

In 'n artikel deur Wynand Bezuidenhout van Grow Machines (www.growmachines.co.za) op die internetargiewe van *Landbouweekblad* (<http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbouweekblad>) word aeroponika of wortelmistegniek beskryf as "die proses waardeur plante in 'n lug- of mis-omgewing, sonder grond of 'n medium groei".

"Die wortels, en soms die hele plant, word met 'n fyn mis van water en opgeloste voedingstowwe besproei. "Die tegniek kom oral in die natuur voor naby waterstrome, woude, bome, watervalle en selfs by daardie vogtige plekke om jou huis. Byna enige soort plant kan só gekweek word. Solank voldoende water, suurstof, lig, koolstofdiksied, voedingstowwe en die regte klimaat op gereelde tye aan die plant voorsien word, sal die plante goed groei en produseer. Dit is egter 'n betreklik duur tegniek om toe te pas.

"Gewoonlik is dit net die wortels wat met mis benat word, maar daar is ook gebruike waar die hele plant benat word, soos met kitsgras-, spruite- en rysproduksie. Dit is belangrik dat 'n fyn mis gebruik word sodat daar soveel moontlik kontak met wortels is.

"In 'n aeroponiese stelsel word die water hersirkuleer om die meeste uit die water en voedingstowwe te kry. Die mis kan konstant of op gereelde tye aangewend word – dit hang van die planttipe en -grootte af. Hoe

groter die plant, hoe vinniger vind transpirasie (die afgee van waterdamp deur die huidmondjies) plaas en hoe meer gereeld moet die wortels benat word. Die toedieningstempo moet minstens die tempo van transpirasie oorskry. Die konsentrasie opgeloste voedingstowwe en die pH van die water speel 'n groot rol in die tempo waarteen die plant groei en die plant se algehele gesondheid."

Navorsing word tans wêreldwyd gedoen om te bepaal hoe doeltreffend aeroponika op verskillende gewasse aangewend kan word. Volgens die artikel sal die vorm en grootte van die gewas een van die belangrikste oorwegings wees wanneer 'n aeroponika-stelsel vir jou behoeftes ontwerp word. Daar moet ook in ag geneem word dat plante in so 'n stelsel anders sal presteer as wat dit in die natuur die geval is en die nodige aanpassings moet dus gemaak word.

"Met die wortelmistegniek daag ons die plant se normale gewoontes uit. Vir aeroponiese aartappelproduksie, moet jy, byvoorbeeld vra: Kan een plant dalk 'n sak aartappels produseer? Hoe maklik is dit om hierdie aartappels te oes sonder om skade aan te rig? Wanneer kan die aartappels geoes word?"

"Kan die aartappels op 'n sekere grootte geoes word (soos tomaties) en die ander gelos word om verder te groei? Moet jy nog die aartappels was? Kan die res van die plant moontlik as veevoer gebruik word? Die algemeenste vraag is: Hoe erd jy die aartappels op?"

Dit is ook interessant om in die Wikipedia-artikel te lees dat hierdie groeitegniek selfs in ruimtetuie ondersoek en beproef word – met uiteenlopende resultate. Van die saailinge, soos kropslaai byvoorbeeld, het uitstekende groei getoon, hoewel ander gewasse nie so suksesvol op die ruimtetuie gevaar het nie.

Voordele van aeroponika

Volgens die *Landbouweekblad*-artikel en ook ander bronne kan die voordele van aeroponika as volg gelys word:

- Plante kan vinnig groei omdat die wortels doeltreffend belug word. "As die stelsel reg ontwerp is, sal die plant floreer."
- Daar is meer plek vir die wortels om te groei as met die ander hidroponiese tegnieke.
- Met aeroponika word water en mistowwe gesirkuleer, wat beteken dat die produsent heelwat bespaar aan die koste van dié hulpbronne.
- Plante kan ook met hierdie tegniek op ongewone plekke en maniere aangeplant word, en word selfs teen geboue geplant om die omgewing te versier en toeriste te lok.
- Die stelsel is maklik om in stand te hou. Al wat in stand gehou moet word, is die groeikamer waarin die wortels hang. Dit moet gereeld ontsmet word en van tyd tot tyd ook die reservoir en die

besproeiingspype. Die konstante klam omgewing in die wortelkamer kan die groei van bakterieë bevorder.

- Plante en selfs hele kwekerie kan sonder veel moeite verskuif word.
- Die stelsel benodig nie baie ruimte nie. 'n Aeroponiese tuin kan op 'n klein oppervlakte gevestig word en plante kan bokant mekaar aan die groei gesit word.
- Moenie die opvoedingswaarde van dié planttegniek onderskat nie. Veral kinders hou daarvan om 'n klein aeroponiese stelsel met 'n plant te begin sonder dat hulle eens hulle hande hoef vuil te maak.

Nadele van aeroponika

Soos met alles is daar nadele ook wat in aanmerking geneem moet word wanneer jy die verbouingstegniek oorweeg. Die aangehaalde bronne verwys na die volgende:

- Die infrastruktuur is baie duur. Daarom word dié tegniek hoofsaaklik ingespan by die verbouing van uitheemse plante soos orgidieë, kitsgrasse en spruite. Indien enige van die elemente in die stelsel breek – hetsy die drukpompe, sproeiers of tydreëlaars – kan dit groot skade tot gevolg hê.
- Hou in gedagte dat kragonderbrekings jou hele oes tot nadeel kan strek. Omdat die wortels in die lug hang, kan dit baie maklik uitdroog wanneer die kragtoevoer wat die misreën reguleer, onderbreek word. Daar moet dus met alternatiewe kragbronne voorsiening gemaak word vir so 'n gebeurlikheid.
- Die fynmissproei vereis 'n goeie filterstelsel. "Dit voorkom egter nie noodwendig dat biofilm in die pype vorm nie. Dit kan die misstelsel se spuitstukke verstop. Skommelsiwwe (pulsators) is egter beskikbaar om dié probleem te beheer."
- Plante is ook dikwels misvorm omdat dit vertikaal of teen skuin oppervlakke geplant word.

Hoe bou ek my eie aeroponiese stelsel?

Volgens 'n artikel op die webblad http://www.homehydrosystems.com/hydroponic-systems/aeroponics_systems.html is dit maklik genoeg om op klein skaal met aeroponika te eksperimenteer. Die artikel bied nuttige aanwysings vir hoe om jou eie stelsel te bou.

"Hoewel die konsep van die aeroponiese stelsel redelik eenvoudig is, is dit in werklikheid die mees tegniese van die ses soorte hidroponiese stelsels. Dit is egter steeds redelik maklik om jou eie basiese aeroponiese stelsel te bou en baie tuisgroeiers hou daarvan om plante so te plant en kry selfs baie goeie resultate met hierdie tipe hidroponiese stelsel.

“Soos met baie ander soorte hidroponiese stelsels kan jy ook met hierdie stelsel baie verskillende materiale gebruik om dit te bou en ook verskeie ontwerpe gebruik om dit in jou beskikbare ruimte te laat inpas. Jy word regtig net deur jou ruimte en jou verbeelding beperk.”

Wat jy benodig vir 'n basiese aeroponiese stelsel

- 'n Houer waarin die voedingsoplossing moet kom ('n reservoir)
- 'n Dompelpomp of 'n pomp wat jy vir 'n fontein sal gebruik
- Buise wat die water van die reservoirpomp kan versprei tot by die miskoppe in die groeikamer/houer
- 'n Toe groeikamer vir die wortelsel
- Sproeikoppies
- 'n Waterdigte houer vir die groeikamer waarin die wortelstelsel gehuisves word
- Buise wat die oortollige voedingstofoplossing weer sal terugvoer na die reservoir
- 'n Tydreëlaar wat die pomp aan en af kan skakel

“Hoe die aeroponiese stelsel werk, is 'n redelik eenvoudige konsep. Die doel van die wortels wat in die lug hang is eerstens dat hulle die maksimum hoeveelheid suurstof kan kry. Dit sal maak dat die plant vinniger groei en is die hoofvoordeel van hierdie tipe hidroponiese stelsel.

“Tweedens word baie min indien enige groeimedium gebruik wat beteken dat al die plantwortels blootgestel is aan die voedingstowwe wat daarop beland deur die “misreën”. Die plante word gesteun deur klein mandjies of digte sponsproppe wat rondom die plant se stingel en ook in die gate aan die bokant van die groeikamer pas. Die wortels hang binne-in die groeikamer en kry die voedingstowwe deur die sproeistelsel in gereelde, kort siklusse. Dit hou die wortels vogtig en keer dat dit uitdroog.

“Die groeikamer moet ligbestand wees en ook feitlik lugdig. Daar moet egter suurstof kan inkom omdat die wortels baie suurstof nodig het, maar jy wil keer dat die water uitloop en dat peste inkom. Die groeikamer moet ook die vogtigheid binne hou.

“Die laaste belangrike faktor in 'n aeroponiese stelsel is die grootte van die druppels. Wortels wat met 'n fyn mis bespuit word, groei vinniger, weliger en het 'n groter oppervlakte wat die voedingstowwe en suurstof kan absorbeer as wortels wat met 'n stroompie water bespuit word – soos uit 'n sproeier. Die fyn mis sal ook meebring dat die boonste gedeelte van die plant vinniger sal groei.”

Tipies aeroponiese stelsels

Volgens hierdie artikel word daar tussen drie tipes aeroponiese stelsels onderskei, wat bepaal word deur die grootte van die druppels water wat toegedien word:

Die meeste mense weet van die **laedrukstelsel** wat meestal verkoop word by winkels wat hidroponiese stelsels bemark. Met hierdie stelsel is die waterdruppels baie groter as in die hoëdrukstelsel.

“Die hoofrede vir die laedruk- hidroponiese stelsel se gewildheid is dat jy nie veel meer nodig het in terme van koste of spesiale toerusting as met ander tipes hidroponiese stelsels nie. Die eenvoud en lae koste van die laedrukstelsel maak dit baie aantreklik vir tuisgroeiers.

“Die standaard pomp wat jy vir 'n fontein of 'n dammetjie sou gebruik, is voldoende, maar jy wil eintlik 'n pomp hê wat sterker is as die pompe wat jy vir enige ander tipe hidroponiese stelsel sou gebruik.

“Vir hierdie stelsel moet jy ook genoeg sproeierkoppe hê sodat hulle mekaar oorvleuel om die wortels aan soveel moontlik water bloot te stel. Dit is ook raadsaam om die sproeierkoppe aan die bokant van die groeikamer te plaas omdat die wortelstelsel later te dik raak dat dit behoorlik van die onderkant af bespuit kan word. Dan kan die water deur die wortels tot onder loop om seker te maak die wortels word goed nat gehou.

“Met die **hoëdrukstelsel** verstuif die water om 'n fyn mis te vorm met 'n baie kleiner druppel. Hierdie fyn mis maak dat die water meer suurstof kry as met die laedrukstelsel. Dit is egter meer kompleks en duurder om 'n hoëdruk- aeroponiese stelsel te bou.

“In hierdie geval sal jy 'n versameltenk nodig hê wat as die drukreël-reservoirtenk moet dien, asook 'n selenoïde-klep wat die voedingslyn van die stuifkoppe kan sluit en oopmaak, 'n sikliese tydhouer wat die selenoïde-klep sal sluit en oopmaak, 'n miskoppe om die wortels te bespuit, 'n klein lugkompressor wat die druk in die versameltenk sal opbou, die groeikamer en 'n versamelreservoir wat die oortollige water sal opvang indien jy beplan om die voedingstowwe te hersirkuleer.

“Hoewel die basiese ontwerp van die groeikamer en die steunstelsel dieselfde kan bly as in die laedrukstelsel, is die stelsel wat die voedingstofoplossing versprei baie anders. Omdat die pomp wat jy hier sal gebruik honderde en duisende kere op 'n dag sal moet aan- en afskakel, gaan dit baie gouer tot niet gaan, daarom word daar nie 'n waterpomp in die hoëdrukstelsel gebruik nie. Dit is hoekom die druk in die reservoir opgebou word en die maklikste manier om dit te doen is om 'n versameltenk soortgelyk aan dié in omgekeerde osmose-waterstelsels (*reverse osmosis*) te gebruik. Dit is basies niks anders nie as 'n tenk met 'n rubberverdeler/diafragma in die middel, wat twee kante skep. Water (voedingstofoplossings) gaan aan die een kant in en saamgeperste lug aan die ander kant. Die lug word gevul totdat die druk tussen 60 en 90 psi is. Dit



druk dan teen die rubberdiafragma en druk die ander kant met die voedingstofoplossing tot by dieselfde psi. Water loop dan van die reservoir af na die verstuiwingskoppies in die groeikamer om die misreën oor die wortels te versprei. Die sikliese tydreëlaar word so gestel dat die mis net vir 'n paar sekondes op 'n keer spuit en dan vir 'n paar minute af is voordat dit weer spuit. Dié proses herhaal heeldag lank."

Die derde tipe is die **ultrasoniese bemisters**. Dié stelsel is met gemengde welslae in aeroponika gebruik, en word meestal aangewend vir visuele effek in fonteine en op die verhoog. Hoewel dit 'n baie fyn mis met baie klein druppeltjies is, is daar in werklikheid baie min werklike vog in hierdie mis. Dié mis is ook geneig om net na die bodem van die houër te val sodat dit moeilik is om te bepaal of die wortels werklik daardeur nat gemaak word. Die sproeierkoppies is ook geneig om aangepak te raak van die minerale en moet dan fisies skoongemaak word. Party groeiers kombineer die ultrasoniese bemisters met die laedruk- aeroponiese ontwerp in dieselfde stelsel.

Op hierdie webblad is ook 'n hele paar voorstelle vir hoe 'n mens jou eie aeroponiese stelsel kan bou.

Hoe lyk die toekoms?

Die beginsel van aeroponika is volgens Wikipedia.org in 1942 vir die eerste keer deur ene W. Carter gebruik in navorsing wat hy gedoen het oor die moontlikheid om plante in waterdampe te laat groei sodat hy die wortels kan bestudeer. Orgidieë wat in tropiese gedeeltes sommer net so in bome groei, het hom waarskynlik op dié idee gebring.

In 1944 het L.J. Klotz sitrusplante wat met misreën besproei is gebruik in sy navorsing oor siektes op die wortels van sitrus- en avokadopeerbome.

In 1952 het G.F. Trowel appelbome laat groei in so 'n misreën.

In 1957 het F.W. Went begin om na die tegniek as "aeroponika" te verwys toe hy koffieplante en tamaties aangeplant het met hul wortels wat in die lug hang terwyl hy voedingstowwe in 'n misreën op die wortels aanwend.

En sedert 2006 word aeroponika reg oor die wêreld in landbou ingespan.

Met grondherverdeling, die prys van grond, veranderende weerstoestande en klimaat lyk 'n toekoms waarin aeroponika tesame met al die ander vorme van hidroponika 'n al hoe groter rol gaan speel in landbou en voedselsekerheid al hoe meer na 'n gegewe.

Bronne:

www.wikipedia.org

<http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbouweekblad/2014/06/13/LB/60/01.html>

www.gardening-site.com/aeroponics

LEER JOU KINDERS OM HULLE EIE AEROPONIESE TUIN TE MAAK

Materiaal vir die aeroponiese stelsel:

- 'n Houer met 'n deksel. Probeer om donkerkleurige houers te kry omdat die wortels in 'n donker wortelkamer moet hang om te voorkom dat daar alge groei.
- Spons van sowat 2,5 cm dik
- 3 tot 6 plante (kropslaai, ment, groenuie, pietersielie en aarbeie werk almal lekker)
- 'n Ultrasoniese bemister
- 'n Drywer vir die bemister
- Voedingstowwe
- 7 liter water

Materiaal vir die bou van die stelsel:

- 'n Boor
- 2,5 cm boorpunt
- 'n Spyker
- 'n Hamer
- 'n Emmer water om plante in te was
- 'n Skêr
- 'n Merkpen om die datum mee te skryf



BEMODIGHEDE



Stap 1: Plaas die deksel op die houer en merk waar jy jou gate wil boor. Onthou dat die gate 2,5 cm groot gaan wees, so moet dit nie te naby aan mekaar merk nie. Vier tot sewe gate is 'n goeie getal. Onthou ook dat die bemister

se draad in een van die gate moet ingaan, so maak een gat meer as die hoeveelheid plante wat jy gaan plant. Op die foto is karton gebruik om aan te dui waar die gate moet kom, maar dis nie nodig om dit te gebruik nie.



Stap 2: Kap eers 'n gaatjie met 'n hamer en spyker in die middel van waar jou gate gemaak moet word. Dit sal help om die boorpunt stewig vas te hou wanneer jy die gate boor.



Stap 4: Sny die spons in blokkies van 5 x 5 cm. Sny dan 'n gleuf deur die spons, maar moenie die spons middeldeur sny nie. Die plantjie moet deur die spons gedruk word sodat die wortels aan die onderkant uitsteek en die blare aan die bokant. Maak so 'n sponsblokkie vir elke plantjie wat jy wil plant, en ook 'n blokkie vir die bemister se draad.



Stap 3: Plaas nou die boorpunt in die gaatjie en boor. Hou die boor stewig vas sodat jy nie seerkry nie. Dit neem soms 'n bietjie langer om die plastiekstukkies uit die boorpunt te haal, maar doen dit nogtans.



Stap 5: Haal die plantjie uit sy houer en skud die oortollige grond af. Spoel die wortels mooi skoon in die emmer water. Sit die skoon plante op 'n stuk nat papierhanddoek totdat die houer en water met voedingstowwe klaar voorberei is.

Stap 6: Meet die voedingstowwe volgens die aanwysings op die verpakking af. Maak seker dat jou houer behoorlik skoon is en gooi die water en voedingstowwe daarin. Gooi 4 liter water in die houer en meet die voedingstowwe een-een af en gooi in die water. Moenie verskillende voedingstowwe met mekaar meng nie, want dan kan die plante nie die water absorbeer nie. Die voedingstowwe moet verkieslik elke drie weke vervang word.

Stap 8: Plaas die bemister in die middel van die drywer en sit die twee saam in die houer. Steek die draad deur die gleuf in die spons wat in die gat in die deksel is om te keer dat die mis ontsnap. Druk die bemister se kragprop in die muur. As dit nie dadelik mis maak nie, druk die bemister 'n bietjie ondertoe sodat dit toe is onder die water. Dit sal gewoonlik veroorsaak dat dit begin mis vorm.



Stap 7: Steek die skoon plante nou deur die gleuf in die spons. Die stam moet deur die spons omvou word terwyl die wortels onder die spons uitsteek en die blare aan die bokant. Onthou om die een gat oop te hou vir die bemister se draad.



Stap 9: Sit nou die deksel op die houer. Jou aeroponiese tuin is nou klaar! Nou kan jy elke dag sien hoe jou plantjies groter en groter word.

- Onthou om die water en voedingstowwe elke drie weke te vervang. Gebruik die merkpen om op die houer te skryf wanneer jy weer die voedingstowwe moet vervang.
- Hou die bemister se skyf dop – soms moet dit skoongemaak word.
- Hou ook die wortelkamer dop vir alge en maak skoon soos nodig.
- Vra vir die kundiges by die kwekery watter voedingstowwe die beste gaan werk vir jou aeroponiese tuintjie. Daar is van die voedingstowwe wat jou bemister kan verstop.
- Jou plantjies gaan moontlik vir die eerste drie, vier dae verlep lyk weens die oorplantery, maar dit sal daarna weer regkom.

Vergemaklik snoeiwerk die seisoen met ... Kalkswael en Steriseal



Kalkswael

'n Standaard oplossing vir blaadwisselende bome (bv. rose en vrugtebome), word ook teen dopluise op perskes, knoppiesblaarmyt op wingerd en verskillende myte op sitrus gebruik.

Steriseal

'n Swamdoder snoeiwondmiddel vir die gebruik op rose, wingerde, struik en vrugtebome na snoei.

Kliëntediens: Tel: 0861 333 586 info@efekto.co.za www.efekto.co.za

Geregistreer deur: Agro-Serve (Edms) Bpk h/a Efekto Reg. Nr. 1973/000868/07 Versprei deur: Efekto Care (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2009/006357/07. Posbus 652147, Benmore, 2010. Kalkswael Reg. Nr. L4230 Aktiewe bestanddeel: Polysulfied Swael 320 g/l (Versigtig); Steriseal Reg. Nr. L4231 Aktiewe bestanddele: "Busan 1009" 10 g/kg en 8-Hidroksikinoliensulfaat 10 g/kg (Skadelik). Alle produkte is geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947. Alle regte voorbehou.

 **Efekto**

Garden & Home Pest Control

Die Majestic

is 'n waarlik majestueuse
produk van Sakata



Sakata fokus voortdurend op die vervulling van die behoeftes van groenteprodusente in Suidelike Afrika en het 'n reputasie opgebou vir volgehoue gehalte, betroubaarheid en diens. Sakata is dus baie opgewonde oor die bekendstelling van 'n nuwe generasie Eastern Shipper-spanspek met 'n lang raklewe (LRL), naamlik die Majestic.

Die Majestic is gekweek vir sy goeie prestasie en lang raklewe sonder om in te boet aan geur en die gehalte van die vrug.

Hierdie spanspek het uitsonderlike interne gehalte met 'n klein ruimte vir pitte en 'n baie lang raklewe wat sorg dat die vrug vir baie lank nog vars bly op die kleinhandelaar se rak en ook in die verbruiker se kombuis.

Die vlees van die vrug is 'n diep salmkleurige oranje en die tekstuur is baie ferm met konsekwente hoë Brix-vlakke van tussen 13 en 15%. Wanneer dit vergelyk word met ander variëteite met 'n lang raklewe, is die Majestic se smaak baie beter. Die aantreklike, eenvormige vrugte weeg gemiddeld tussen 1,8 en 2,5 kg. Majestic is goed aangepas vir warmseisoenproduksie en ook goed aangepas vir alle streke reg oor Suid-Afrika. Die plante is sterk en het 'n goeie blaarkroon wat die vrugte teen die son beskerm.

Die variëteit floreer ook onder nette, selfs in die koeler seisoene.

Majestic is goed bestand teen siektes met 'n hoë weerstand teen fusarium en poeierskimmel/witroes, wat gesonde, sterk plante regdeur die groeiseisoen verseker.

Mnr. Jimmy Wiggins, 'n spanspekprodusent naby Eendekuil in die Wes-Kaap, het hierdie variëteit die eerste keer gesien met 'n proefstrook wat in die Paarl-omgewing aangeplant is, en was onmiddellik beïndruk. Hy is die eerste spanspekprodusent in Suid-Afrika wat die variëteit in grootmaat aangeplant het. Volgens mnr. Wiggins is Majestic se grootste voordeel die uitstekende interne gehalte en die lang raklewe. Die puik hou vermoë van die vrugte sorg vir meer buigbaarheid wanneer dit kom by

oestyd en ook vir makliker hantering sonder dat die vrug beskadig word. Die produsent kan dus die spanspekke in bakke na die mark stuur wat tyd en geld bespaar omdat die vrugte nie meer in bokse verpak hoef te word nie. Die produsent kry ook 'n baie hoër uitpak-persentasie danksy die goeie interne gehalte wat keer dat die vrug binne-in vrot of beskadig raak.

Die gehalte van Majestic op die markvloer het die aandag van een van Suid-Afrika se tophandelaars getrek en mnr. Wiggins is gewaarborg om toppryse met sy produk te behaal, selfs wanneer die gemiddelde markprys vir spanspekke geval het.

Volgens mnr. Jason Wright, agent vir Fine Brothers op die Kaapstadse Varsproduktemark, lewer Majestic vrugte van hoë gehalte wat weer beter pryse op die mark verseker. Hy sê dat Majestic tans een van die topvariëteite is wat aan die Kaapstadse Varsproduktemark gelewer word en hy het reeds een van sy produsente in Namibië aangeraai om hierdie variëteit aan te plant.

Ook in proewe wat in Limpopo en die Oos-Kaap aangeplant is, het die Majestic baie goed gevaar en baie van die produsente in hierdie areas toon groot belangstelling in hierdie uitstekende variëteit.

Majestic presteer ook baie goed in die VSA. In 'n studie wat in 2012 gedoen is en in 2013 herhaal is, het Majestic hoogste lof gekry vir sy oorhoofse gehalteprofiel vir meeste kenmerke – veral vir geur, tekstuur en aroma. Die Majestic is ook hoog aangeskryf vir sy fisiese eienskappe soos die kleur van die skil, die vlees se kleur en ook die eksterne kleurbalans.

Die Majestic doen werklik sy naam gestand en Sakata glo dat hierdie uitstekende variëteit gaan koning kraai op die Suid-Afrikaanse mark.

Die Majestic verskyn nog nie op die huidige Suid-Afrikaanse Variëteitslys nie, maar is reeds vir registrasie ingedien.

Vir meer inligting oor Sakata se produkreeks, besoek Sakata se webwerf by

www.sakata.co.za

AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.



*MAJESTIC**

- ♻️ Excellent internal quality
- ♻️ LSL type sweet melon
- ♻️ Average fruit weight 1.8 - 2.2 kg
- ♻️ Very high yield potential



* Experimental: This variety does not appear on the current South African Variety list, but has been submitted for registration.



SAKATA[®]

PASSION in Seed

MayFord

Tel: 011 548 5800

www.sakata.co.za

e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE



WENKE

wat werk 3

In ons derde aflewering van *Wenke wat werk* kyk ons na hoe items in die koskas gebruik kan word om ander “probleempies” hok te slaan.

Grondboontjebotter

- As jy per ongeluk jou skээрroom vergeet het op 'n wegbreeknaweek, kan grondboontjebotter gebruik word.
- Vang muis of rotte met grondboontjebotter. Hulle verkies grondboontjebotter bo kaas.
- Verwyder gom (Superglue, ens.) vanaf meubels: Vryf met grondboontjebotter oor die gom en dit sal loskom.

Verwyder kougom uit hare deur 'n teelepel grondboontjebotter in die kougom te vryf en dit sal gou loskom.

- Verwyder krapmerke op CD's deur grondboontjebotter daarop met 'n sagte lappie te vryf.

Kaas

- Bêre kaas in aluminiumfoelie. Die kaas sal langer vars bly en nie muf nie.
- Kaas sal nie muf as 'n klontjie suiker in die bak gehou word nie.
- Voordat jy kaas rasper, smeer botter oor die rasper om die skoonmaak agterna te vergemaklik.
- Maaskaas hou langer as jy dit onderstebo bêre.
- Gebruik altyd 'n plastieklepel om maaskaas of joghurt uit die houer te skep. Dit voorkom dat daar 'n waterige lagie vorm.

Koffie



- Bêre koffie in die yskas om dit vars te hou.

Koek & koekies

- As jy 'n ryk vrugtekoek maak, voeg 'n koppie warm, sterk koffie in plaas van melk by om die kleur van die koek te verdonker en die geur te verbeter.
- As jy koek bak en jy sit dalk sonder eiers, gebruik asyn. Een teelepel asyn is die ekwivalent van een eier. Veral nuttig as jy 'n cholesterolvrye dieet volg.
- Gebruik 'n skêr wat eers in meel gedruk is om glansvrugte makliker in stukke te sny.
- Gooi 5 ml gliserien by om enige koekmengsel 'n ligter tekstuur te gee.
- Gooi 'n kwart teelepel peper by jou gemmerkoekies om dit daardie effense brandsmaak te gee.
- Kleinkoekies bly langer vars as jy 'n laag suiker onder in die bak strooi.
- Leë margarien- of botterpapier kan gestoor word in 'n bakkie of sakkie in die vrieskas tot bakdag. Gebruik dit dan om jou panne mee te smeer.
- Moet nooit suurmilk weggooi nie. Dis uitstekend in gebak en maak deeg ligter as vars melk.
- Om pannekoek of muffins op te warm, sit 'n koppie water saam in die mikrogolf. Die 'stoom' bevogtig die gebak.

- Om te keer dat appelkooskonfyt nie uit appelkooskonfyttertjies loop nie, klits een eierwit en een teelepel suiker goed en smeer aan rand.
- Plaas 'n stukkie kleefplastiek oor deeg wat moet rys. Dit voorkom dat 'n harde lagie vorm.
- Smeer nuwe bakpanne met varkvet en plaas in matige oond vir 45 minute. Wanneer koud, vee af met kombuispapier.
- Suiker en botter sal gouer meng as 'n bietjie suurlemoensap bygevoeg word.
- Voeg bakpoeier heel laaste by koekbeslag. Die koek sal dan baie lig uitrys.
- Voer jou koekiepanne uit met swaardiensaluminiumfoelie voor jy koekies bak. Dit voorkom dat die koekies merke laat.
- Voordat jy klewerige bestanddele in 'n maatkoppie of -beker gooi, gooi eers kookwater in die koppie of beker. Gooi die water uit, maar moenie afdroog nie. Nou kan jy die stroop, grondboontjiebotter, ensovoorts afmeet en dit behoort maklik uit te loop.

Koeksoda & gebruike

- As jy aangebrande kos vinnig uit 'n kastrol wil verwyder, kan jy dit vul met kookwater waarby twee eetlepels koeksoda gevoeg is.

Asyn of suurlemoen en koeksoda werk beter as Handy Andy as 'n bleik- en ontsmettingsmiddel.

- Gooi 'n klein bietjie koeksoda of suurlemoensap by om jellie vinniger te laat stol.
- Gooi een koppie sout, een koppie koeksoda en een ketel kookwater in 'n riool wat met vet verstopt is. Die vetterigheid los dadelik op.
- Hierdie spuitmiddel sal insekte verjaag sonder om hulle dood te maak en is baie veilig in die tuin: Neem 20 liter warm water, voeg een teelepel koeksoda en twee eetlepels Jeyes Fluid by. Vlok een vyfde van 'n steen blouseep in mengsel in en roer goed tot al die bestanddele opgelos is.
- Indien jou troeteldier op die mat geürineer het, gooi koeksoda daarop. Los 'n rukkies en stofsuiw soos gewoonlik. Dit sal ook voorkom dat die dier weer daar urineer.
- Kamme sal gou skoon kom as dit 'n rukkies geweeke word in warm water waarin twee eetlepels koeksoda opgelos is.
- Koeksoda kan ook aan mufdele gevryf word om dit af te haal.

- Krap 'n by-angel met 'n mes uit, maak 'n koeksodapasta en plaas dit op die steekplek. Dit trek die gif uit.
- Maak 'n gevlekte warmfles skoon met drie eetlepels koeksoda gevul met kookwater. Laat vir 15 minute staan, spoel en laat om droog te word.
- Maak juweliersware skoon deur dit oornag te week in 'n mengsel van koeksoda en asyn. Indien nodig, skrop liggies met 'n ou tandeborsel. Dit verwyder alle vuilighede sonder om die stene, goud of silwer te beskadig. Moenie perêls oornag week nie – net vir sowat 'n uur.
- Om 'n gesnyde pampoen vars te hou, verwyder die pitte en bedek die binnekant met 'n lagie koeksoda.
- Om die ou reuk uit bottels te kry, vul met 'n oplossing van water en koeksoda.
- Om miere weg te hou, strooi koeksoda of borakspoeier binne-in kaste en laaie.
- Om slegte reuke uit jou skottelgoedwasser te verwyder, gooi vier eetlepels koeksoda onder die onderste rak en sit die wasser op spoel om die masjien vars te kry.
- Om te verhoed dat staalwol roes, hou 'n bakkie met water waarin koeksoda opgelos is by die opwasbak en sit die staalwol daarin ná gebruik.
- Sit 'n bietjie koeksoda in die water om blomme langer vars te hou.
- Sit bakkies met koeksoda orals in die huis (veral agter die yskas, stoof, onder die wasbak, ens.). Kokkerotte eet dit en dra dit na hul nes toe. Die vog binne-in hul lywe maak dat die koeksoda bruis en laat die kokkerot vrek. Dit voorkom ook dat 'n volwasse kokkerot eiers lê voordat hulle doodgaan.
- Stowepatats kry 'n mooi kleur as 'n mespunt koeksoda bygevoeg word terwyl dit kook.
- Strooi koeksoda in skoene wat sleg ruik. Laat oornag staan.
- Strooi koeksoda op die aangebrande deel in 'n pot. Maak klam met 'n bietjie water en skrop.
- Suurlemoen gemeng met koeksoda maak gevlekte tande mooi wit.
- Verwyder koffie- en teeplekke op plastiekware deur dit met koeksoda te skuur.
- Volgende keer wanneer jou oond skoongemaak is, vryf 'n pasta van koeksoda en water aan die binnekant van jou oond om dit volgende keer makliker skoon te vee.
- Was jou hare en spoel af met een eetlepel koeksoda opgelos in 500 ml water.



Kookolie

Gooi 'n bietjie sout in die braaipan om te keer dat die vet spat.

- Sny die onderste deel van 'n wynbottelhouer af en bêre jou kookoliebottel daarin. Die kartonhouer suig olie wat drup op.

Kastrolle

- As jy aangebrande kos vinnig uit 'n kastrol wil verwyder, kan jy dit vul met kookwater waarby twee eetlepels sout gevoeg is.
- Strooi koeksoda op die aangebrande deel in 'n pot. Maak klam met 'n bietjie water en skrop. Verwyder die bruin aanpaksel met 'n droë stukkie staalwol terwyl die pan nog warm is.

Noedels

- Noedels kan goed gevries word en dan in kookwater ontvries word. Dit is 'n vinnige proses.
- Kook macaroni in melk pleks van water. Dit is heerlik, maar pas op dat dit nie aanbrand nie.

Room

Om room styf geklits te kry, voeg bietjie kremetart by.

Om vinnig suurroom te maak, neem vars room en voeg 'n bietjie karringmelk of suurlemoen by. Dit proe die beste as dit oornag gestaan het.

Voeg 'n bietjie opgeloste gelatien by indien jy sukkel om room styf te klop.

Voeg 2 ml suurlemoen by room om dit baie gouer mooi styf te klop.

Roomys

Sit 'n klein malvalekker ("marshmallow") onderin 'n roomysshorinkie. Dit sal verhoed dat die horingkie lek.

Sout en gebruike

- 'n Warmwatersak kan gevul word met kookwater deurdat dit plat op die tafel lê. Hou die nek skuins en gooi dan die water in. Gooi een teelepel sout by om water langer warm te hou.
- Angeliere hou langer in 'n blompot as jy sout in die water gooi.
- Vir beetvlekke op 'n kledingstuk, gooi 'n bietjie melk op die vlek en laat week in koue soutwater. Was dan in warm seepwater.
- Vir bloedvlekke op klere: As die bloed reeds droog is, week in koue soutwater (een eetlepel sout per liter water), of gooi 'n bietjie melk op die vlek en laat week in koue soutwater. Was dan in warm seepwater.
- As jy aangebrande kos vinnig uit 'n kastrol wil verwyder, kan jy dit vul met kookwater waarby twee eetlepels koeksoda of sout gevoeg is.
- As jy vleis braai en die brood is op, bak vinnig 'n broodjie deur 500 g bruismeel met een blikkie bier en 'n teelepel sout te meng. Bak in 'n ysterpot oor die kole of in die oond.
- brak water, kan in warm water met seep gewas word, maar gooi ongeveer 'n handvol sout by. Los die sout op in die water. Moenie versagter gebruik nie. Spoel die seep goed uit. Spoel weer maar gooi twee eetlepels ammoniak of wit asyn in die laaste uitspoelwater.
- Koperware kan pragtige blink gemaak word as dit nou en dan met sout en asyn afgevef word.
- Maak beddings goed nat en sodra slakke te voorskyn kom, besprinkel dit met tafelsout.
- Maak jou eie tandepasta met 'n mengsel van sout en bakpoeier.
- Maak jou stoof skoon met 'n mengsel van sout en asyn.
- Meng lou water met 'n handvol sout en 60 ml asyn. Borsel matre met die mengsel. Dit bring die kleur weer mooi na vore.
- Neem 'n halwe suurlemoen en skep van die binneste deel uit met 'n lepel. Daar moet bietjie suurlemoen agterbly. Vul met sout en plaas in 'n bakkie agterin die vrieshokkie/yskas.

Sout en gebruike



- Asyn en sout aan vleis gesmeer sal verhoed dat dit gou bederf en vleis sag maak.
- Gebruik gelyke dele kremetart en sout om roesvlekke of kolle uit te haal.
- Geklitste eiers met 'n knippie sout kan vir tot drie maande gevries word.
- Gooi een koppie sout, een koppie koeksoda en een ketel kookwater in 'n riool wat met vet verstopt is. Die vetterigheid los dadelik op.
- Gooi bietjie sout in die braaipan om te keer dat die vet spat.
- Gooi elke aand nadat die finale skottelgoed gewas is, 'n handvol sout in die afvoerpyp af. Die sout sal langsamerhand in die pyp afbeweeg en dit vry van vettigheid hou.
- Gooi 'n paar ryskorrels in die soutpotjie om te verhoed dat die sout klonterig raak in klam weer.
- Gooi sout onderin asbakkies. Die sout absorbeer die reuk van die sigarettas.
- Handdoeke wat hard uit die was kom, veral in
- Om baddens skoon te maak, meng twee eetlepels kalk, twee eetlepels sout en 'n halwe bottel parrafin.
- Om die hare van 'n besem weer styf te maak, plaas besem in 'n oplossing van een eetlepel sout en vier liter water.
- Om kunsblomme skoon te maak moet dit in 'n papiersak saam met sout gegooi en baie goed geskud word. Die sout neem al die stof en vuiligheid op en die blomme lyk sommer gou weer vars.
- Om sout wat in potjies vassit los te kry, plaas potjie eers 'n paar minute in die lou oond.
- Om te verhoed dat jeans verbleik, week in soutwater voordat dit gewas word.
- Om te voorkom dat stortgordyne muf, spoel dit in sterk soutwater en hang dan op.
- Om van gras tussen plaveisel ontslae te raak, kook soutwater of strooi gewone sout in die gleufies van plaveisel.

Moenie dat jou

maag

jou lewe versuur nie



In 'n artikel op die webblad <https://www.voelgoed.co.za/nuwey/maagkwale-0> word genoem van die "meer as 1 000 spesies goeie en slegte bakterieë" wat elke oomblik van elke dag in ons maag aan die werk is om ons kos af te breek en ook 'n "versperring" te vorm op die selle van die ingewande "om slegte en skadelike bakterieë te keer om deur te kom en jou liggaam aan te tas".

"Hulle beveg ook allergieë en verkoues en kan jou selfs gewig laat verloor.

"Een van die beste dinge wat jy vir jou gesondheid kan doen, is om die verhouding tussen jou goeie en slegte bakterieë in balans te kry. As dit nie die geval is nie, kan jy met simptome soos 'n opgeblase maag of diarree sukkel. Gelukkig is daar maniere om hiervan ontslae te raak en jou spysverteringstelsel gou in tiptop kondisie te kry."

Opgeblasenheid

Wanneer jou maag opgeswel voel en lyk het jy waarskynlik dispesie. Dit kom voor wanneer ekstra gasse en in jou dermkanaal vasgevang word weens 'n besonder ryk en vetterige ete.

"'n Ander sondaar is te veel sout, wat jy veral deur verwerkte kosse inkry. Lees die voedsel-etiket. Produkte waarop 'lae sout' staan, moenie meer as 140 mg sout per porsie bevat nie, terwyl kosse wat 'soutvry' gemerk is, nie meer as 5 mg per porsie mag bevat nie. As 'n reël het vroue tussen 1 500 en 2 300 mg sout per dag nodig.

"Suurlemoensap is 'n goeie natuurlike kuur vir 'n opgeblase maag omdat dit van die gifstowwe in jou liggaam ontslae raak. Dit spoor ook jou lewer aan om gal te produseer en jou kos só vinniger te verteer. Jy kan ook pepermenttee drink. Die mentol kan verhoed dat die spiere van die spysverteringstelsel in spasma gaan.

“My maag is nie lekker nie.” Dis seker 'n sinnetjie wat almal van ons al gebruik het. En dis 'n sinnetjie wat so baie betekenisse het, want daarmee kan jy bedoel jy voel jou spanning in jou maag, maar dit kan ook 'n fisieke ongesteldheid van diarree tot hardlywigheid en alles tussenin beteken. Almal van ons weet egter hoe enigeen van daardie klagtes 'n mens se dag sommer heeltemal op sy kop kan keer. **Hannelie Cronjé** het gaan nalees hoe 'n mens jou maag gesond kan hou.



“Moenie kougom kou nie, want dit vang lug in jou spysverteringstelsel vas. Baie kougom bevat ook suiker-alkohol, wat jou opgeblaas kan laat voel. Suig eerder aan 'n peperment as jy ná ete ongemaklik voel en nie dadelik medikasie kan neem nie.”

Hardlywigheid

As jou maag skielik minder gereeld werk en dit 'n moeilike storie word, kan dit weens hardlywigheid wees. Dit gebeur waneer “die dikderm of kolon te veel water uit die stoelgang absorbeer” en dit dan “hard en droog” raak.

“Dit gebeur wanneer die dikdermspiere te lui is om saam te trek en stoelgang te stadig deur die dikderm beweeg.”

Oorsake hiervan kan wees wanneer jy siek is en antibiotika gebruik of baie gespanne is. Onaktiwiteit en as jy te min water drink, kan dit ook tot gevolg hê.

“Kry verligting deur jou dieet aan te pas. Sorg dat jy meer groente inkry wat hoog in vesel en goeie voedingstowwe is. Drink ook water saam met vesel. Dit maak die stoelgang sagter omdat vesel water absorbeer en help dat jy meer gereeld is. Jy kan ook daagliks 'n veselaanvulling soos Normacol neem.

“As jy dadelik jou simptome wil verlig, kan jy 'n stimulant-lakseermiddel soos Dulcolax drink, wat binne ses tot twaalf uur begin werk. Dit stimuleer jou dermkanaal, wat dit makliker maak vir stoelgang om deur jou dikderm te beweeg. Moet dit egter nie elke dag of gereeld gebruik nie. Dit kan jou liggaam immuun maak teen die effek en die toestand vererger.”

Maagvirus

Naarheid, hoofpyn en 'n omgekrapte maag tesame dui dalk op 'n maagvirus. Hierdie virus word baie vinnig oorgedra van persoon tot persoon, of wanneer jy aan 'n oppervlak raak wat besmet is. Die virus tas die maag en ingewande aan en moet eenvoudig uit die stelsel uitgewerk word.

“Daar is geen vinnige oplossing vir 'n maagvirus nie. Boek jouself maar af vir 'n dag of twee en sorg dat jy baie rus. Omdat jy maklik ontwater in hierdie tyd en baie elektroliete verloor, is dit belangrik om heeltyd vloeistof te drink. Energiedrankies kan elektroliete vervang, maar dit bevat baie suiker en kunsmatige bestanddele. Die vitamienaanvulling Emergen-C is 'n beter opsie aangesien dit vyf essensiële elektroliete en geen suiker of vet bevat nie.

“Kaneel is 'n sterk antibakteriese spesery wat van enige bakterieë of virus in jou maag ontslae kan raak. Drink drie keer 'n dag 'n koppie warm water met 'n halwe teelepel kaneel en een eetlepel heuning. Dit sal ook die simptome van lyfpyn en koue rillings verlig.”

Om te sorg dat jy self jou maag gesond hou, is dit raadsaam om genoeg van die volgende kosse te eet:

“Vesel is uitstekend vir die goeie bakterieë in jou spysverteringskanaal.

Eet veral kosse wat inulien, 'n soort vesel, bevat. Jy kry dit onder andere in piesangs, knoffel en aspersies. Vroue moet mik vir sowat 25 gram vesel per dag. Drie koppies groente en twee koppies vrugte 'n dag verskaf tussen 8 en 16 gram oplosbare vesel.

“Jogurt. Jou gunstelingjogurt moet die woorde ‘aktiewe kulture’ hê. Die goeie bakterieë in sommige jogurt word vernietig omdat hitte bygevoeg word om die rակlewe te verleng. Dié wat aktiewe kulture bevat, het nie deur hierdie proses gegaan nie. Probeer Danone se Activia, 'n heerlike lae vetjogurt wat vol hiervan is.

“Gefermenteerde kosse. Dit bevat probiotika en goeie bakterieë wat jou liggaam help om kos beter te verteer en te absorbeer. Sommige bevat baie sout, en daarom moet jy die etikette noukeurig lees. Probeer brood wat met suurdeeg gemaak is, suurkool (sauerkraut) of piekels.

Verskillende soorte diarree

Op die webblad www.mieliestronk.com word daar tussen drie soorte diarree onderskei, naamlik akute, chroniese en spanningsdiarree.

Akute diarree

Akute diarree duur gewoonlik minder as 48 uur en kan deur voedselvergiftiging, antibiotika of angstigheidsveroorsoek word. Dit word opgedoen deur kos of vloeistof wat gifstowwe of skadelike organismes bevat in te neem. Diarree tree gewoonlik binne 'n halfuur tot drie uur ná die inname van die besmette voedsel in, maar met basillêre disenterie (wat deur organismes van die Shigella-groepe veroorsaak word) kan dit eers 12 tot 72 uur ná die besmetting voorkom.

Chroniese diarree

Diarree kan ook chronies wees as dit langdurig aanhou. Dit kan 'n teken van 'n ingewandsprobleem, soos prikkelbaredermkanaasindroom, ulseratiewe kolitis of Crohn se siekte wees. Besoek jou dokter sodat die oorsaak van die probleem vasgestel kan word.

Spanningsdiarree

Spanningsdiarree kan deur gespanne omstandighede of angstigheidsaangeblyng word. Hierdie tipe diarree se oorsaak het niks met voedsel of 'n infeksie te make nie, maar omdat die spiertonus van die dunderm verswak weens die spanningsituasie, beweeg die inhoud in die derm vinniger deur, water word nie voldoende geabsorbeer nie, en diarree ontstaan.

Behandeling

Daar is gewoonlik nie geneesmiddels vir diarree nodig nie. Dit moet egter met groot omsigtigheid hanteer word, omdat dit selfs lewensgevaarlik kan wees. Konvensionele medisyne fokus gewoonlik op rehidrasie van die liggaam en om voedingsvlakke na normaal terug te bring. Om verspreiding te voorkom moet die hande deeglik gewas word. Moenie kos voorberei as jy diarree onder lede het nie.

Vir minder ernstige gevalle kan dit help om sagte, komplekse koolhidrate soos piesangs, rys, aartappels en roosterbrood te eet. Drink swart tee, wat 'n natuurlike teenmiddel vir diarree is.

Vir erge of chroniese diarree is dit raadsaam om so spoedig moontlik 'n geneesheer te besoek. Neem ook kennis dat babas, jong kinders, verswakte persone en bejaardes baie gou kan ontwater en dat hulle eerder vroeër as later professionele behandeling moet ontvang.


In alle gevalle is dit geen aandoening wat ligtelik opgeneem of weggelag behoort te word deur die mense naby aan die lyster nie. Diarree kan selfs lewensgevaarlik wees.



'n Paar algemene oorsake van diarree

- Bakteriële infeksies. Verskeie soorte bakterieë wat deur besmette kos of water ingeneem word, kan diarree veroorsaak. Onder die groot sondaars is onder meer Campylobacter, Salmonella, Shigella en Escherichia coli (E. coli).
- Virusinfeksies. Talle virusse veroorsaak diarree, waaronder rotavirus, Norwalk-virus, cytomegalovirus, herpes simplex-virus en virale hepatitis.
- Voedselonverdraagsaamhede. Party mense is nie in staat om sekere bestanddele van kosse soos kunsmatige versoeters en laktose te verteer nie. Laktose is die suiker wat in melk voorkom.
- Parasiete. Parasiete kan die liggaam binnedring by wyse van kos of water en hulle in die spysverteringstelsel tuis maak. Parasiete wat diarree veroorsaak, sluit in Giardia lamblia, Entamoeba histolytica en Cryptosporidium.
- Reaksie teenoor sekere soorte medisyne. Antibiotika, middels teen bloeddruk, kankermiddels en teensuurmiddels wat magnesium bevat, kan almal diarree by sekere mense verwek.
- Siektes van die ingewande. Inflammatoriese ingewandsiekte, colitis, Crohn se siekte en seliaksiekte lei dikwels tot diarree.
- Funksionele ingewandskwale. Diarree kan 'n simptoom van prikkelbaredermsindroom (PDS) wees.

Bron: Digestive Diseases / U.S. National Institutes of Health




Vision Headlight

- 2 White LEDs
- Adjustable Elastic Headband
- Pivoting Head
- Shatter Proof Lens




Hard Case Professional Rechargeable Hybrid Spotlight

- Adjustable beam output for maximum flexibility
- Designed with built in hands-free convenience
- Charger and In Car Charger
- 7m impact resistance




Vision HD Headlight

- 3 White LEDs
- Spot & Area light modes
- Pivoting Head
- Weatherproof



Vision HD + Headlight

- 3 White LEDs
- 2 Red LEDs
- Dimming
- Next Push Off



Vision HD + Focus Headlight

- 3 White LEDs
- 2 Red LEDs
- Spot and Area light modes
- Digital Focus

Energizer®



Makers of the
WORLD'S LONGEST LASTING

AA & AAA Battery in High Tech Devices



Longest lasting, less waste*. **that's positivenergy.**



Hierdie pragtige reklamebord verwelkom mense in die hartklop van NTK-wêreld, Modimolle. Eers as Liezi en Annuska voor die bord staan, besef 'n mens hoe groot dit werklik is.

met die boere gedeel. Die Departement van Landbou is verteenwoordig deur TR Marishane van die voorligtingskantore. Braam Crots van NTK het 'n voorlegging gedoen asook Phonnice du Toit en Edzisani Nemasodzi, landboukundiges van LNR. Die dag is bygewoon deur ongeveer 45 opkomende boere.

Na afloop van die lesings, en praktiese inligting op die land met die boere gedeel is, het NTK die boere trakteeer op middagetete en drinkgoed. Die boere was baie dankbaar teenoor NTK wat waardevolle inligting en kennis met hulle kom deel het.



Verbouings by Nylstroom-tak vorder fluks. Manie en Pieter staan hier by die agterdeur van die tak waar dinge nog redelik deurmekaar is. Baie dankie aan klante vir hulle begrip. Ons vra weere eens verskoning vir die ongerief.



Feestelike atmosfeer by Pietersburg-ekspo

Die Pietersburg-ekspo het 'n gesellige en feestelike atmosfeer by die tak geskep. Verskaffers het met oorgawe deelgeneem en soortgelyke geleenthede sal beslis weer aangebied word. Goeie reklame is vooraf gedoen en personeel het meer as hul deel gedoen.

Ofskoon Christoff en sy bestuurspan graag meer voete daar sou wou hê, was dit nietemin 'n suksesvolle geleentheid wat oor twee dae gestrek het.

Landbou-ontwikkeling in aksie Boeredag by Leeuwkraal

By Leeuwkraal in die Nebo-distrik is NTK Landbou-ontwikkeling betrokke by 'n droëland-mielieprojek wat op 56 hektaar bestuur word. Op dieselfde projek is die Landbounavorsingsraad (LNR) Potchefstroom besig met 'n akkerboonproef. 'n Wisselboustelsel tussen die twee gewasse word oorweeg. Dit was dus tot voordeel van albei ondernemings, asook die boere van die gemeenskap, toe 'n boeredag onlangs daar aangebied is. Albei gewasse is breedvoerig bespreek en waardevolle inligting is



Op Polokwane gebeur die dinge!

NTK Mokopane holds farmers' day in Bakenberg

The farmers of Bakenberg are hungry for knowledge, which is why more than 200 people attended the farmers' day held at the Service Center in Bakenberg. The day was held by NTK Mokopane and suppliers. Solly Modise organized the whole event with great success.

From the outset the Department of Agriculture was involved in the planning of the day. Other NTK officials also played an important role in the program. But the credit for the success must go to Solly Modise of NTK Potties.

After the opening with scripture and prayer by Pastor Mokhudu, Mr. Seleka of the Department gave the welcoming address. Mr. D.J. Ngobeni introduced the guests whereafter Mrs. D.C. Lubuku explained to the farmers what the day was all about. She thanked NTK for bringing much needed information and knowledge to the farmers. She emphasized the fact that farmers must use the information to better their farming methods in order to achieve success.

Suppliers that gave lectures were Henry Pienaar from Driehoek Feeds. He told farmers how to feed animals in drought. Jan Slabbert of Virbac discussed animal health in general and Johan Smit of Monsanto told them about maize hybrid cultivars.

From NTK's side David Kekana spoke about NTK accounts, Kgabo Mooka about fertilizers and pesticides and Audrey Lehutjo about the storage of maize. Farmers asked questions and participated in the discussions of the day.

After the vote of thanks from Mr. L.J. Setumo and closure with prayer, NTK treated the farmers to lunch. The farmers have already asked Solly to organize more farmers' days. They enjoyed the food but even more so the fact that they learned so much from presentations at the day. It was a huge success. NTK ... for the love of the land ... for the love of the people of the land.

Thinus Grobler: Meganisasie Louis Trichardt



Thinus Grobler is onlangs aangestel as Meganisasie Heelgoedere-bemarker in die Louis Trichardt-area. Hy is sy hele lewe lank betrokke by landbou en is dus goed toegerus vir hierdie pos.

Thinus het grootgeword op 'n plaas. Nadat hy aan die Hoërskool Hans Strijdom in Naboomspruit gematrikuleer het, is hy eers weermag

toe. Ná sy voetestamp-dae boer hy vir 'n tyd saam met sy pa. Vir die laaste 10 jaar het hy 'n voerkraal in die Louis Trichardt-distrik bestuur totdat dit besigheid gestaak het. Nou is hy opgewonde om trekkers en implemente vir NTK te verkoop.

Hy bedien 'n groot gebied in die Noorde van Limpopo.

Buzy Mr. Promotions



Mr. Promotions, a.k.a. Nelson from Polokwane and his famous Magnifisan van traveled all over Limpopo and the Free State to promote the best maize meal in the world! He played music, handed out T-shirts and caps while Christina made pap for the people. Some of the places he visited and did promotions were A1 Retailer and Discount Supermarket as well as Mesium Cash and Carry in

Lebowakgomo. The promotion at Segwahle Village was also very successful. People flocked to Makgofe village to get a taste of the wonderful product.

Wenner in Bayer-kompetisie

NTK se verskaffers doen baie moeite om die beste diens aan NTK se klante te lewer. Daar is gereeld aansporingskemas vir takke en klante.

Bayer het onlangs 'n prys vir die grootste aankope van Bayer-produkte aan 'n boer van Potgietersrus oorhandig. Baie geluk aan Lukie Steenkamp wat die prys gewen het. Gerrie van Bayer was by toe Manie Wessels (takbestuurder) die prys aan hom oorhandig het.

Naomi en Jackie van die tak het bygestaan om hom geluk te wens en aan te moedig om steeds 'n lojale klant te wees.



The farming community of Bakenberg is important to NTK. Here is Levy, Mooka, Audrey, David and Solly at the farmers day.



Lucky winner receives his prize from Solly.



Naomi, Jackie, Manie, Lukie Steenkamp en Gerrie van Bayer.



Pret in die Potties-son

Die "Pret-in-die-son-dag" wat Potties aangebied het, was 'n reusesukses. Daar was waterpret vir die kinders, 'n springkasteel om op te baljaar en ook kompetisies om aan deel te neem. Mej. Somer het sommer baie deelnemertjies gelok en hul ouers het natuurlik saamgekom.

Daar was heerlike verversings en gesigverf wat baie professioneel gedoen is. Daar was perde om op te ry, maar die grootste pret was die waterwurm waarvan die kinders net nie genoeg kon kry in die lekker warm somerweer nie.

Verskaffers het ook hul deel gedoen sodat die grootmense meer van produkte kon leer en teen spesiale pryse kon aankoop.

Manie Wessels is in sy noppies oor die dag se verloop. Hy het vooraf goeie reklame gemaak en heelwat blootstelling in die plaaslike koerant gekry. Hy het beslis mense bewus gemaak van NTK in Potties. En binnekort maak hy weer so!



Die bemerkingsdag by Potties Handelstak was pret vir almal.



Tolweborgskap

NTK Tolwe het Laerskool Unitas se netbalspan met sportsakke geborg. Die dogters het gedurende die Maart-skoolvakansie gaan toer en was baie opgewonde om die sakke te ontvang.

Tree voorkomend op teen bedrog



Interne Oudit bly skerp.

Hoewel bedrog nooit in die werksplek geëlimineer sal kan word nie, is dit belangrik om voorkomend op te tree om dit so goed moontlik te beperk. Daarom het die Bestuurder: Interne Oudit VKB Groep, Marcia Froneman, onlangs 'n kursus gereël vir personeel in Interne Oudit en Finansies om betyds gevaartekens te kan raaksien.

Volgens navorsing sal 10% van mense bedrog pleeg sonder om te blik of te bloos, 10% sal dit nooit doen nie en 80% van mense sal 'n kans vat as die geleentheid hom voordoen. Dit is dus belangrik om te sorg dat die geleentheid vir hierdie mense nie ontstaan nie. Verdere navorsing toon dat besighede jaarliks ten minste 5% van hul inkomste verloor as gevolg van bedrog. Daarom is dit so belangrik dat Interne Oudit so goed moontlik ingelig sal wees. In die kursus is bedrog van nader bekyk: hoekom dit gebeur, wie hulle skuldig maak en watse skade dit berokken. Korrupsie en omkoperij het ook onder die vergrootglas gekom. Verskillende vorme van bedrog is bespreek en dit was skokkend om te hoor op hoeveel maniere mense oneerlik kan wees. Natuurlik was die belangrikste deel van die kursus wat gedoen kan word om bedrog te beperk.

Personeel van VKB het Limpopo toe gereis waar die kursus aangebied is. VKB duld geen skelmstreke nie en die personeel van IO is gerat om dit raak te sien en aan te spreek: tot voordeel van die groep en dus tot voordeel van u.



Marcia Froneman en aanbieder van die kursus, Mario Fazekas van Exactech.

Koningskinders

Die Gereformeerde Kerk Waterberg het hierdie foto gestuur saam met 'n dankie-briefie van ds. Sarel Cilliers. Die kerk hou jaarliks 'n saamtrek vir kinders en noem dit "Koningskindersprojek". NTK het die sakke geskenk sodat elkeen 'n nuwe Bybel daarin kon sit. Die projek doen jaarliks goeie werk onder die jeug. NTK se groen sakke was beslis welkom.



NTK Rugbyweek 2016

'n Suksessvolle rugbyweek is tydens die April-vakansie aangebied op die sportgronde van Hoërskool Merensky, Tzaneen. Dit was die eerste keer wat NTK 'n rugbyweek geborg het maar beslis nie die laaste nie. Bedryfsbestuurder, Wynand Benadie, het die moontlikheid van 'n rugbyweek vir 'n geruime tyd ondersoek. Nadat moontlike skole vir so 'n rugbygeleentheid geïdentifiseer is, is besluit om hierdie week aan Hoërskool Merensky toe te ken ná 'n uitstekende voorlegging deur die skool. Dit was beslis die regte keuse aangesien Merensky die reëlings puik hanteer het en oor uitstekende sportfasiliteite beskik. NTK het die hulp van verskaffers ingeroep. Agrinet, Cape Gate, MacSteel en Mpumalanga Wire het vanuit die staanspoor met oorgawe deelgeneem. Ses spanne het deelgeneem aan die week. Ontwikkelende spanne is ook genooi en het beslis gegroei gedurende die kompetisie. Die wenners was Klub Belhar, al die pad van die Kaap, wat waardige wenners was.

Maroelaboom het vir vermaak gesorg en het groot byval by die seuns en ondersteuners van die week gevind. Ongelukkig het 'n paar spanne onttrek as gevolg van groot storms oor hierdie tydperk maar geen rugbywedstryd was ontwrig deur reën nie hoewel die reën in die aande heerlike lafenis gebring het.

Maak seker jy en jou skool mis nie die NTK Rugbyweek 2017 nie! Dit vind plaas van 1 tot 6 April 2017.



Oefenklere vir die spanne.



Francois Froneman en Wynand Benadie oorhandig die trui aan die skeidsregters.



Marius Loubser en Wynand Benadie wens 'n belowende speler geluk.



vir die
LIEFDE
van die
LAND

www.vkb.co.za

Landbou

FSoil crown BAG TripleV ntk GREENFIELD KROMDRAAI vkb

Hoofkantoor | 31 President CR Swart Straat Reitz 9810 | Tel: (058) 843 8111 | vkb@vkb.co.za | www.vkb.co.za
VKB Landbou (Edms) Beperk is 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer met Lisensienommer 4813

VKB is 'n landboumaatskappy wat uitsonderlike waarde aan mense en verhoudinge heg. VKB, 'n handelsmerk, geen akroniem, net 'n liefde vir die land.

Die naam VKB in sy hedendaagse formaat is 'n handelsmerk wat verteenwoordigend is van 'n entiteit wat sy wortels gesetel het in die eertydse Vrystaat Koöperasie Beperk. Sedert die transformasie van koöperasie na maatskappy is die konnotasie behou omrede daar soveel emosie, tradisie en geskiedenis aan die VKB-akroniem gekoppel was. Vandag is VKB nie 'n akroniem nie, maar staan dit vir 'n maatskappy wat 'n uitsonderlike fokus op mense as belanghebbendes in ons onderneming plaas. Dit begin by landbouprodusente as primêre klante en aandeelhouders, maar is ook uitgebrei om 'n doelwit van gelukkige personeel, tevrede verbruikers en verskaffers te kombineer in volhoubare finansiële resultate. Met toenemende uitbreiding van nywerhede wat voedsel produseer, streef ons daarna om die beste moontlike gehalte te handhaaf juis omdat ons glo dat mense die reg daartoe het. Ons glo dus dat ons belegging in die voedselwaardeketting, van waar die produk geproduseer word tot waar verbruikers die produk kan gebruik-waarde moet toevoeg en daarom leef ons ons leuse "vir die liefde van die land".



vká****

- 'n **Handelsmerk**
- **Geen akroniem**

net 'n **LIEFDE** vir die **LAND**

FSoil crown BAG

TripleV
ANIMAL FEED

ntk

GRAIN FIELD
CHICKENS

nu-pro
FEEDS • NUTRI

KROMDRAAI
FLOUR MILLS

vká****

Hoek van Sarel Cilliers- & Voortrekkerstraat | REITZ

GROOTOPENING

VRYDAG | 24 JUNIE 2016

- 24 Uur
- VKB "Express" Winkel
- OTM
- Spesiale aanbiedings
- Skoon Badkamers
- Verversings & Wegneemetes
- OFM "Hit Mobile"
- en vele meer...

vkb****
fuels

www.vkb.co.za



vkb****
express



VKB Head Office | 31 President CR Swart Street, Reitz, 9810 | Tel. 087 358 8111 | vkb@vkb.co.za
VKB Agriculture (Pty) Ltd is an Authorised Financial Service Provider, Licence no 4813



VKB-personeel word vereer

VKB plaas 'n hoë premie op die opleiding en ontwikkeling van sy personeel. In Oktober 2014 het 'n groep van 48 personeellede begin met Universiteit Vrystaat se NBP- en BOP-programme. Hierdie programme is ná onderhandeling met die universiteit op Reitz self aangebied.

Weke van studieskole het gevolg en baie na-uurse tyd het ingegaan om opdragte te voltooi en voor die sperdatums in te handig. Eksamens het gevolg en die spanning was hoog totdat die uitslae gekom het... en met 'n sug van verligting is die onderskeie programme geslaag.

Die hoogtepunt vir elkeen van hierdie "studente" was ongetwyfeld die sertifikaatplegtigheid by die universiteit self. 'n Spesiale bus is gereël wat die personeel vervoer het en die opgewondenheid was groot voor hulle vertrek na Bloemfontein.

Tydens die plegtigheid het hulle hul sertifikate ontvang – die kroon op 'n jaar se harde werk.

VKB het uitsonderlik presteer en tydens die plegtigheid is vier van VKB se personeel met toekennings vereer. Om die prestasie in perspektief te plaas: Slegs vyf toekennings word jaarliks gemaak. Alle studente wat ingeskryf is by die sakeskool in die betrokke jaar kom in aanmerking vir dié toekennings. Vir die BOP-program was daar altesaam 147 studente en vir die NMP-program het 43 ingeskryf.

VKB is ook spesiaal vermeld as strategiese vennoot van die universiteit se Bestuurskool vir die wyse waarop VKB sy mense ontwikkel, die insette wat gelewer word en die programme gadministreer word.

Ander rolspelers wat studente ingeskryf het, was onder andere die Vrystaatse Departement van Gesondheid, Noord-Kaapse Departement van Gesondheid, TWK, Vrystaat Landbou, Eskom en die Vrystaatse Departement van Onderwys, om maar net 'n paar te noem.

Die toppresterder vir die NBP-kursus is Christina Becker, die naaswenner is Heidi de Winnaar en die toppresterder vir die BOP-program is Sunette Hechter met naaswenner Alida Lange.



Daniëlsrus-silopersoneel hou 'n spanboudag

Daar word so min vrye tyd saam met medewerkers spandeer dat Daniëlsrus se silobestuurder, Tilla van Rensburg, besluit het om 'n spanboudag in Clarens vir haar personeel te hou. Die personeel, wat insluit silo-operateurs, algemene werkers en teemaaksters, het hul

gesinne saamgeneem en dit was 'n heerlike dag van saamkuier, sokker speel en braai.

"Op Daniëlsrus werk ons almal soos een span saam. Persoonlik dink ek ek het die beste personeel waarop ek só trots is," sê Tilla.



Agter: Solomon Mabe, Amos Mokoena, Tawana Mofokeng, Alfred Mofokeng, Samuel Mofokeng, Petrus Sibeko Voor: Richard Motaung, Sylvia Mokoena, Thomas Mofokeng, Bongani Makubo

Vrystaat Landbou Jongboer-kongres

VKB was weer 'n borg op die Vrystaat Landbou se Jongboer-kongres gehou in Bloemfontein op 21 April 2016. Francois Swanepoel, uitvoerende hoof van VKB Landbou en Anelie Swemmer, skakelbeampte van VKB, het VKB by hierdie praggeleentheid verteenwoordig. Mnr. DJ van der Linde is aangewys as die Vrystaat Landbou se Jongboer van die jaar. Van der Linde is 31 jaar oud en woonagtig op St. Helena in die Vierfontein-distrik waar hy al vir agt jaar boer.

Van der Linde het sedert 2012 sy boerdery begin uitbrei, sy planttegnieke verfyn en sy oeste met meer presisie begin bestuur. Hy boer met wit- en geelmielies, sonneblom en beeste.

Vanjaar was die 20ste keer wat die Jongboer-kongres aangebied is.

Saam met DJ van der Linde was die ander twee finaliste PJ Badenhorst en Hendrik Heyns.

"Dit is 'n groot eer en dit sê vir my mense glo in my en dit wat vir my reg voel, lyk vir hulle ook reg. Dit is 'n lekker gevoel om te weet jy help om kos te voorsien vir die land," sê Van der Linde.



VKB RUGBYWEEK 2016



REITZ 12 Spanne
0.19 VKB RUGBYWEEK
26 JUNIE - 1 JULIE 2016

FRANKFORT
0.13 & 0.16 VKB RUGBYWEEK
23 - 29 JUNIE 2016



2016

Navrae:

Anelie Swemmer (VKB) 058 863 8277 | Hoërskool Reitz 058 863 2701 | Hoërskool Wilgerivier, Frankfort 058 813 1010

Hoofkantoor | 31 President CR Swart Straat Reitz 9810 | Tel.: (058) 863 8111 | vkb@vkb.co.za | www.vkb.co.za
VKB Landbou (Edms.) Bpk. is 'n goedgekeurde Finansiële diensteverskaffer met Lisensienommer 4813

www.vkb.co.za | vir die LIEFDE van die LAND



vkb

vk**b**

gee R320 000 vir plaasveiligheid

VKB het hulleself gevestig as die grootste ondersteuner vir plaasveiligheid in die Vrystaat, asook vir Vrystaat Landbou, met die R320 000 wat onlangs tydens die maatskappy se jaarlikse gholfdag ten bate van Vrystaat Landbou se Veiligheidsfonds ingesamel is.



Spesiale dank aan ons hoofborge



Standard Bank

Die VKB Dryf vir Veiligheid Gholfdag 2016 het veiligheid in die Vrystaat goed ondersteun. 'n Bedrag van R320 000 is deur middel van die Gholfdag ingesamel vir die VKB/VL Veiligheidslessenaar.

Die ondersteuning van VKB aan die VKB/VL Veiligheidslessenaar is baie waardevol, en Vrystaat Landbou (VL) wil die maatskappy graag bedank vir die ruim skenking om na die provinsie se landbouers se veiligheid te help omsien. "Sonder hierdie befondsing sou die VKB/VL Veiligheidslessenaar nie in staat wees om hulle rol ten volle te vervul nie. Ons is baie dankbaar vir VKB asook alle deelnemende spanne se ondersteuning," aldus Henk Vermeulen, hoof uitvoerende beampte van VL.

Die VKB-groep is 'n trotse landboubesigheid en word besit deur landbou produsente. Jan van der Walt, bemarkings bestuurder van die VKB-groep, sê: "Ons erken die onmiskenbare rol wat die produsente in die welvaart van die maatskappy speel, deur in samewerking met Vrystaat Landbou (VL) strukture te help vestig en onderhou wat tot die welstand van produsente kan bydra. Ons voel dit is juis belangrik om met die borgskap erkenning te gee aan die rol wat landbouers, as primêre voedselprodusente, speel in die daaglikse lewe van elke mens en hierdeur leef ons ook ons nuwe leuse, "vir die liefde van die land", uit."

'n Jaar en 'n half na die skep van die VKB/VL Veiligheidslessenaar, word die lessenaar se rol in veiligheid deur verskeie rolspelers in die bedryf as onmisbaar beskryf. Dit word beskryf as 'n bron wat waardevolle inligting verskaf wat die plaaslike asook nasionale gemeenskap op hoogte hou van gebeure in die provinsie en die stand van misdaad in die landelike gebiede, wat op hul beurt 'n reuse bydrae tot Suid-Afrika se voedselsekerheid lewer.

Die lessenaar hou volledig statistiek by oor alle voorvalle wat die provinsie se boerdery gemeenskappe raak, van veediefstal tot plaasaanvalle. Vir elke plaasmoord, ernstige geweldsmisdaad en plaasaanval wat op die lessenaar se databasis verskyn, bestaan 'n saaknommer wat met die Polisie se databasis gekorreleer word.

Die lessenaar was ook die eerste instansie in die land wat begin het om statistiek by te hou van hoe plaasaanvalle plaaswerkers raak. Hierdie statistiek is opgeneem in 'n mosie wat die Demokratiese Alliansie (DA) verlede jaar by die provinsiale Wetgewer ingehandig het om te vra dat plaasaanvalle en – moorde tot prioriteitsmisdaad verklaar word. Die mosie



Wenspan van links: Gert Tack; Andre Fouché; Francois Fourie; Johan Day

is later na die parlement verwys, en vroeër die jaar het die Polisie aangekondig dat plaasaanvalle nou prioriteit geniet.

In Landbouweekblad se bekende rubriek, Manie, van 12 Februarie 2016, word genoem: "Manie kan nie help om te dink dis Vrystaat Landbou se statistieke wat die Polisie tot nugterheid geruk het nie." Dr. Chris de Kock, 'n onafhanklike misdaad-ontleder en oudpolisieman, het in 'n berig in die Volksblad van 15 Februarie 2016 opgemerk dat die lessenaar se statistiek realities is, veral aangesien saaknommers vir alle voorvalle aangeteken bestaan.

Vermeulen sê: "Ons hoop dat die lessenaar se pogings en diens 'n daadwerlike verskil sal maak in die misdaad situasie in die Vrystaat se boerdery gemeenskappe." Die lessenaar het aan die einde van Maart 2016 met Nathi Nhleko, Minister van Polisie, ontmoet om verskeie kwessies rakende die implementering van die Landelike Beveiligings Strategie met hom en die Polisie te bespreek. Die lessenaar vergader ook elke kwartaal met hoëvlak bestuur van die provinsiale Polisie.

Volgens die lessenaar se statistiek is 14 plaasaanvalle en een –moord tot dusver die jaar in die provinsie aangemeld. Drie poging tot moord sake word weens die voorvalle ondersoek, terwyl die oorgrote meerderheid van voorvalle huisrowe blyk te wees. Meeste voorvalle vind plaas op 'n Donderdag en Vrydag, gevolg deur Woensdae en Saterdag. Altesaam 12 van die 14 voorvalle het van Woensdae tot Saterdag voorgekom. In die oorgrote meerderheid van insidente is twee slagoffers aangeval en/of aangerand deur oortreders wat in groepe van twee tot drie gewerk het, terwyl in twee gevalle groepe van vier tot ses oortreders aangemeld is.



Dankie aan ons borge!

Snapp Chef[®]

Leiers in Induksie Toestelle

Spaar **50%** op elektrisiteit
en kook **64%** vinniger

#kry meer

by Snapp  Chef[®]



besikbaar by
vkb & ntk



#reg vir winter

slegs
R3499



of



slegs
R3999

en al
hierdie
gratis
R2499





Vinnige Fanie

If you want to put some energy into your farming vehicles, you won't go wrong with TOTAL lubricants. Designed to protect, as well as perform, our oils give your engines a new lease on life. Apologies for the speeding tickets.

RADAR/5757/INT/E



TOTAL

www.total.co.za

The right choice in lubricants.